

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE



IN HIERDIE UITGAWE

- Philemon en Baukis — D. F. Malherbe.
De Kwade Dagen — Stija Streuvels.
Oom Bertus gaan Nuwejaar Hou — P.
D. Swart.
- Leer ons Volk Dink — Andries Alberts.
Gedagtes van Giacomo Leopardi — vertaal
deur F. P. van der Merwe.
Martinus Lourens de Villiers — Jan
Bouws.
- Gedigte.
Boekbesprekings.

JAARGANG 5 NOMMER 1

MAART 1955

So kan u goedkoper... geriefliker... en gouer nuwe Gesigte sien!

U kan 'n paar onvergeetlike weke na hartelus in Europa rondkuier met die £81 wat u bespaar op 'n S.A.L.-toeristeklas-vlug tussen Johannesburg en Londen. Onderweg geniet u die hulpvaardigheid en gasvryheid waarvoor die S.A.L. reeds so bekend is.

Daar is 3 toeristeklas-vlugte per week—teen slegs £252 heen en weer—tussen Johannesburg en Londen oor Livingstone of Lusaka, Nairobi, Kartoem, Kairo, Athene, Rome, Frankfurt of Parys—en u kan *sonder* ekstra koste op enigeen van hierdie landingsplekke oorbly.

Daar is ook 'n standaarddiens—reterreisgeld £333.0.0—tussen Johannesburg en Londen.

Die S.A.L. in medewerking met die B.O.A.C. reël 'n *daaglikse* diens—heen en weer—tussen Johannesburg en Londen.



DIE TOERISTEBRUG TUSSEN AFRIKA EN EUROPA

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad van die
AFRIKAANSE SKRYWERSKRING



Redakteur: C. M. VAN DEN HEEVER



Letterkundige Adviseurs:

D. F. MALHERBE
H. A. FAGAN
P. C. SCHOONEES
E. J. EYBERS
W. A. DE KLERK

Administrasie:
PROFESSOR ABEL COETZEE
Posbus 1176 Johannesburg

Intekengeld 20/- posvry.



JAARGANG 5

NOMMER 1

M A A R T - 1 9 5 5



In Voorbereiding

DIE DERDE DRUK VAN
„TWE E LANDE”
deur S. IGNATIUS MOCKE

Eksemplare van die nuwe druk sal
beskikbaar wees op 1 Julie 1955
PRYS, POSVRY 10/6.

Bestel vroegtydig van:

BAKEN UITGEWERS, BPK.
POSBUS 6147 JOHANNESBURG

Uitgewers van: „Horison”, „Helikon”, „Die A.L.V.-
Bulletin”, Opvoedkundige en Letterkundige Werke.

Inhoud

| | <i>Bladsy</i> |
|--|---------------|
| Uit: PHILEMON EN BAUKIS, D. F. Malherbe | 5 |
| DE KWADE DAGEN, Stijn Streuvels | 8 |
| GEDIGTE, S. J. du Toit | 15 |
| OOM BERTUS GAAN NUWEJAAR HOU, P. D. Swart | 18 |
| JONA, Barto Smit | 30 |
| LEER ONS VOLK DINK, Andries Alberts | 35 |
| GEDIGTE, Jan Schepens | 43 |
| GEDAGTES VAN GIACOMO LEOPARDI, vertaal deur F. P. van der Merwe | 45 |
| GEDIGTE, Anna Hollenbach | 52 |
| MARTINUS LOURENS DE VILLIERS, Jan Bouws | 54 |
| GEDIG, André Demedts | 56 |
| GEDIGTE, Eliz. C. M. du Toit | 58 |
| GEDIGTE, J. Nel van der Merwe | 61 |
| GEDIG, P. Blum | 62 |
| GEDIGTE, F. J. Eybers | 63 |
| BOEKBESPREKINGS | 65 |

ONS LETTERKUNDE WORD VERRYK

Vir dié van ons wat belangstel in die letterkunde het die jaar wat verby is groot rykdom gebring. Van ons grootste digters en skrywers het gedurende 1954 vir ons poësie, dramas en prosawerke van onskatbare waarde gelewer. Ons is opreg dankbaar!

N. P. VAN WYK LOUW NUWE VERSE

Lank het Van Wyk Louw geswyg, maar hy het ons verras en ons is verheug oor Nuwe Verse.

D. J. OPPERMAN PERIANDROS VAN KORINTHE

Die eerste drama van 'n bekende digter, 'n werk wat menige kenner verbaas het. Die eerste druk is reeds uitverkoop, maar 'n tweede oplaag is nou beskikbaar.

G. H. FRANZ RABODUTU, DIE EENSAME

Vorige werke van hierdie groot Naturelle-kenner tel onder die belangrikste in ons prosa. Rabodutu sal u weer eens nie teleurstel nie. Die segswyse van die Naturel verleen 'n besondere bekoring aan hierdie idilliese roman.

Die drie bogenoemde werke is elkeen met 'n W. A. Hofmeyr-prys bekroon



MIKRO DIE HOUTSWAAN

Hier vind ons vyf novelles in een bundel uit die pen van een van ons geniaalste skrywers. Net soos in die geval van DIE WA-AS wat 'n tyd gelede verskyn het, kan DIE HOUTSWAAN gereken word tot die beste in sy soort in Afrikaans.

P. J. PHILANDER UURGLAS

'n Nuwe bundel van hierdie belowende jong digter is tans op die pers. Ons kan reeds voorspel dat hierdie werk meer as een aangenaam sal verras.



Die pryse van hierdie werke is:

| | |
|-------------------------------|------|
| NUWE VERSE | 15/9 |
| DIE HOUTSWAAN | 11/9 |
| PERIANDROS VAN KORINTHE | 22/3 |
| RABODUTU, DIE EENSAME | 13/3 |



NASIONALE BOEKHANDEL BEPERK

Posbus 119 PAROW. Posbus 9898, JOHANNESBURG.
Posbus 1058, BLOEMFONTEIN, Posbus 95, PORT ELIZABETH.

D. F. Malherbe

Uit PHILEMON EN BAUKIS

Hoor na die stem van die ou tyd ons vandag tot beskaming,
immer nog helder uit singend van onverganklike liefde,
trou wat die ouderdom-rimpels eer, die listige spore
van die jare se wentel, kost'lik soos wyn lank gesuiwer.

Slag van Philémon se sekel geroem langs die Frigiese
strande

gly vooruit in die vak waar hy soms nog tydsaam kan
loer na

agter digby, na die jonkvrou, vreemd op die oesland, wat
buigend

met haar rooi hoofdoek sierlik sedert vanmôre versamel
hallems met korrels geryp in bebaarde hulsels wat sôre
dat die tere en sappige vormsels wieg in die kussings,
skuilend teen priem van Boréas en stamp van druisende
hael,

totdat hul dy volmaak soos die vrug in die skoot van die
moeder.

Forser die slag van Philemon na hy haar wese aanminlik
gou met begeerlike blikke gegryp het om nooit te verloor
nie.

Steek van die son verminder niks van sy manlike vaarte;
gouer nog plak hy die handevol neer op die stoppelvlak
agter,

noudat sy hart se duister beroering regstreeks gewaar het
vol in die krag van sy spiere en swaai van sy vlammende
sekel.

Nimmer het hulle geweet van sy werkkrag amper bo-
menslik,

hulle wat saam met Philemon dae lank oes vir die landheer;
roem van Philemon was niks by hierdie wegstormende
toere:

duur die hallems se hoogvlak kruip die gapende wydte
agter sy swaaiende bolyf aan en die sekel se ruising.

Nimmer sou hulle kon droom, dis die jonkvrou, nou
Aphrodite,

seeskuim se gawe, menslik geword vir hom tot verrukking,

hom tot vervulling ván die verlangende hart — Aphrodite!
Daarom amper waansinnig stapel hy beeld en gedagte,
meer nog as wat sy sekel se blink omarming versamel,
swaai op swaai onvermoeid, aan hallems vol van die somer;
droom in die roes van die ure, sien die heerlike jonkvrou
armsvol dra oor die stoppels met glimlag merkbaar by wyle,
totdat twee paar oë mekaar — o skoonste gebeure —
heimlik vertel vanself wat geen raad of bemoeiing van
mense

keer in sy vaart, iets bestemd om te wees reeds eeue tevore:
wedersyds voelend mekaar en dubbel verseker, onfeilbaar —
guns wat die sterflike eenmaal win op sy moeisame weë . . .
Dan kap Philemon sy sekel vas in die broeiende kluite.
„Middagrus, skone,” sê hy en wys na gunterse koelte,
eik se skaduwee lokkend die werkers na sterkende ete.
„Mag ek jou naam weet?” fluister Philemon met oë begerig,
buig voor haar, godin van sy hart, en sy antwoord bekoorlik
voelend vooruit wat hom roer, die sin van sy lippe se
bewing.

„Baukis, die naam geërf van my moeder wat agter die duine
woon by die see, my vader is visser.” Hy huiwer om verder
uit te vra, en tog dryf sy hart hom langes haar gaande.
„Vêr geloop na die oesland, vroeg in die koel van die môre?”
„Brood soekend nou waar die vangtyd vir vader weinig
belowe.”

Deernis vervul hom dat hy 'n deel van sy loon vir die skone
veil het as sý net wil neem, maar sy tong mag die woord
nie laat val nie:

Krenk sou hy haar, die hoë; nee, liever 'n druppel genade,
liever die guns van haar oë vir hom, die heldere strale,
wat sy tong met lomp en beswarende woord sal ver-
donker . . .

Eerste reik hy vir haar die dronk uit die landheer se kelder.
Knikkende dank sy hom wat gediensdig sy reg wil verower,
reg op die uitverkorene, bron van sy fleurige drome.
Nimmermeer sal sy hart verlang na die silwer fonteine
menigvoud sprankelend op in die Frigiese land vir sy lippe;
hierdie fontein is 'n dronk oorgenoeg vir hart en vir sinne,
drenkend die grond van diepste begere — die skreeuende
dae

reinste genot solank sy hul met haar bysyn bepêrel.
Baukis heimlik verbergend haar heimlike, dieper beroering
merk dat Philemon haar soek onder skerts hier tussen die
mense;

blikke soet en verlangend wandel na haar toe gedurig,
hy net begaan om haar. Sy sien hom reeds as beminde,

hom die manlikste werker, hom in die snyvak al voor haar, weet die weg na haar hart is oopgesny met sy sekel: druisend het hy gevaar deur haar digte, wiegende koring, en sy wag dat hy kom na die hart se ope verlanse.

„Waarom was jy, Philemon, so malkop? Nimmer tevore so gewees? Het jy meegeding met die wind in die are?” Spelende laggie dans om die mond van die tergende vraer.

De Kwade Dagen ¹

STIJN STREUVELS

Met een kreunenden zucht van den wind heeft de dag zich uit den nacht geheven. Als een onzichtbare geest vaart de zware wereldasem over bergen en dalen door de ruimte.

't Was pikdonker heel dien langen nacht en wat er in de duisternis gebeurde, bleef voor alle stervelingen verborgen.

— Wie brengt er eenige heugenis mede uit de dood waaruit hij opstaat? In dat vage droomland lag alles zoo nauw toegedekt met donker, zoo stil en roerloos geheim gehouden. Maar dan was de breede adem in die verscholenheid komen roeren en opeens gaat daar eene huivering over het heelal: 't gerucht heeft de wereld gewekt en de bewustheid van 't leven meegebracht. — De nieuwe dag is geboren. Op diezelfde stonde roert er iets aan 't uitspansel boven de wereld. Waar 't even nog één donkerte was, ten Oosten, gapen kloven en spleten; heel 'n geluchte barst open, gehamerd en gestreept, met heet-groen en paarsche geulen, gloeiend gestriemd over den diepen ondergrond; zóó dat het zwerk nu gelijkt op het pantser van een reusachtigen krokodil.

Na een tijd gaat alles weer dicht, het wordt één grijze evenheid, een grauwe voorhang waar een flauwe schijn van licht door schemert. Die nuchtere twijfel klaarte heldert halveling de wijde vallei die er als een donkere afgrond te gapen ligt.

De wilde wind zoekt er zijn wegen en vaart er door met woestheid wijds en zijds. De boomen ondervinden het; zij staan als donkere schaduwen boven de donkere evenheid, te wringen en te ruischen als gepijnigde reuzen, in 'n bovenaardsch geweld dat ze teistert, met woede.

Heel de vallei ligt verlaten en eindelijk als een ongeschapene wereld, ordeloos nog, zonder één levend wezen, — onberoerd gebleven en half-voltrokken ontsnapt, uit de hand van den grooten Maker. Wanhopig droef en wreed is het uitzicht als na een ijzende, algemeene verwerreling. Beter ware alles toegedekt en het roze schemerlicht, dat

¹ Hierdie verhaal van die drie-en-tagtigjarige, gevierde Vlaamse prosakrywer Stijn Streuvels wat in 1905 verskyn het, het hy opnuut nagesien en vir ons tydskrif gestuur.

zulke schrikkelijkheid helderen moet, ongeboren gebleven.

Hoever is de dag nu gevorderd aan den tijd? Aan 't groeien van de klaarte of aan 't mokerbuischen van den wind valt het niet op te merken; want die twee dingen schijnen zoo ruw en buiten alle verband, in de groote, onberoerbare eeuwigheid waaruit ze opdoken.

't Geluchte blijft dicht opeengepakt, in éénzelfde, eenmalige grijsheid; wolken zijn het niet, geen reuzenstapels met rozelicht omzoomd, waarbachten de belofte van zon of helderheid te raden zit — geen wolken die bewegen en nijverig voortijlen als schepen varend door den morgenhemel. 't Blijft de onberoerde, zware voorhang, die overeind staat als een muur, als een sterkte rond en rond den einder; en die sterkte houdt de blijheid van den dag voor de wereld gedoken — 't is of moest de zon er bachten gesmoord blijven voor altijd.

Maar uit de diepte van de vallei zelf, — als uit een onbekende lichtbron — klaart een nieuwe schemering; 't gelijkt een overschot van uitgegaan licht, iets van de klaarte door de zon op de wereld uit vergane dagen achtergelaten, iets dat opkomt als een oude weerschijn uit de verte. Van bachter de mistvlaag waardoor het licht gezift komt, heel vaal en grijs, als uit een droom, nog half omanteld door den nacht die heentrekt, groeit het aanschijn van de wereld uit de duisternis. De dingen komen bloot te herkennen, onderscheiden in hunne enkelheid: de wijde ruimte, met de glooiende lijnen van de bodemoppervlakte, de boomen, de molens op de terpen, de huizen in de laagte, — alles staat er nog, 't bestaat! Maar grijs, eentonig en wreed is de levenloosheid en derf de klaarte zelf die de wereld beschemert, als in een kelder zonder wanden.

De grijsblauwe boomenmassa op de kim van de heuveling, teekent zich onduidelijk af tegen de grijze blauwigheid van de lucht, en de heuvel zelf ligt als een uitgerekte wolk, in zijn volle lengte over de wereld. De nabije boomen die enkel of in reken, of samengetroppeld over de vlakte verzaaid staan, ze steken boven den mist uit en gelijken geen boomen bijkans: half ontbladerd staan hunne kruinen kaal en de takken steken als knoestige armen wijd uit; hun loof is verwelkerd en van blij-groen zijn hunne koppen beroest en vuil geworden, bruin-geel met wreede, ijle gaten in 't gewelf — lijk vergane ouderlingen zijn 't die te wakelen staan op hunne uitbultende schonken en te klutsen in 't barre, in 'n ongedoevig ruischen van den wind. Op de velden is alle kleur vergaan, zonder schakeering van blekkerend bloesemspel of fijne beving van rij blonde,

van groene tinten; éénmalige somberheid, de natte eerde die verzopen ligt, met een vale vlek hier en daar, of eene streep, waar de verachterde vrucht in vuile groenigheid, te rotten ligt of te vergaan onder de eenbaarlijk soppende watervlagen.

Want de wind jaagt er gestadig den regen uit de laag-slierende wolkenvendels; zie, bij iederen trek striemt de natte adem eene stofwolk van waterdamp die in vlagen neerkletst. De regen, hij zimpert uit de wolken die, verward en verkloeried als verborstelde haartressen, in vuile dren-dels, rakelings oor d'eerde varen; hij vliegt in altijd nieuwe gispingen, fijn als stof, uit de vier gewesten, in eeuwige singeling over den rotten aardbodem die heel 't oppervlak verkeerd heeft en doorweekt als een wazepoel, een hobbel-land van onvaste bedriegelijkheid, zonder stand of grond, waar alle wezen dat er zich op wagen durft, verzinken moet als in een moddermeer. Waar is de bedrijvigheid, het groote leven, de bonte schatering van menschen en dieren op 't land? De wilde wind alleen heerscht er over den verlaten baaierd. Hij zweept er en gispt de bijtende vochtigheid rond over de vier gewesten. Wie waagt er zich in dat lijfsgenadig stormen, in de wilde vlagen van grijze woestheid, onder den geweldigen asem van den wind? De wagens staan zwaar geladen, op 't veld hier en daar, scheefgezonden, diep verzakt in 't wazewater, in de geulen der wagenslagen. Beeten en wortels liggen uitgedaan en bij hoopen verstrooid op 't veld, verslijkt en beplakt. Maar de peerden blijven op stal en de boevers zitten gescholen onder dak. Zie me de huizen en hoeven, hoe klein en hoe schamel doen ze onder de wreedheid van den zwaren hemel; de regenwolken scheren er over heen tot tegen de daken en de wind pleegt er geweld in 't stroo onder de euziën. Uit de schouwen puilt een arm kuiltje rook dat, zoo zaan het boven komt, gekronkeld en verkruld, uiteen gebezemd en verwereld wordt en ongenadig mee geslingerd met den drijf der wolkenvaart.

Nergens, niets dat roert in den doodschen dag. Een enkele boever waagde zich met zijn ossenspan even buiten. Een nietig dingetje schijnt het in de verte, iets dat door slijk en moze en grijsheid, trage en moeilijk voortstompelt. De koenaard jaagt de ossen over de zompe, naar een verzonken wagen toe, bedrijft daar wat geweld, dat ten ondomme gedaan is, en een zottospel blijkt, waar niets van zijn luttele poging overschiet. Hij is weer vertrokken en verdwenen, ginder onder de strooien euzing van de lage daken; en daar staat de wagen, als een verzande water-

schuiter, onverroerbaar als een ingezakt huis, op onvaste vesten, en alles is weer als vroeger: stil en wezenloos op 't verlaten land. Een onduidelijk bouwen, het bassen van een hond die angstig huult en kwaad vermoedt, is de eenige flauwe naklank van 't menschelijk roersel in de narigheid van dit bange uitzicht. Maar 't bouwsel van den hond kan zelfs tegen den wind niet op; met een plomp die een zwaren zucht gelijkt, voert hij 't geruchte mee, dat vergaat in 't geruisch der boomen. Hij zoeft en piept en schuifelt bij trekken, met gestadig halen en geven, heffen en dalen, als de adem uit een wijde keel, altijd meer, zonder rusten of verpoozen. Een eindeloosheid van droefenis drukt over de verlatene wereld, waar eene lucht van vernieling en onmeedoogen, alle leven omkneld houdt. De groote elementen die er samen leven moeten, zijn elkaar vijandig, in hevigen strijd gaan ze elkaar te keer en als heksen op een wilden Sabbat, vechten zijn hunne woede uit in de lucht. 't Ontstaan en 't verkeer van alle weldoende, zachtaardige dingen is geweerd, opgeschorst, uitgesteld, ontredderd en de algemeene dood schijnt het einde der wereld vooraf te gaan.

Maar vast op zijn uur, onveranderlijk als een natuurverschijnsel, heeft de oude voerman zich buiten gewaagd, hij rijdt over den straatweg; even kalm en gezapig, als ten tijde dat alles nog in zijne haken was, rolt de oude kar over de kasseien. Met hangenden kop en gestrekene ooren, trappelt het afgetakeld peerd in de tramen. De voerman zit tusschen koffers en kisten ergens, veilig gedoken, te slapen onder de zware huif, die over de hoepels gespannen, dichte toegeknoopt, als onder een wijde schort, heel die heimelijkheid verborgen hout — en van ver gelijkt op een donker huis zonder vensters. Het ding dokkert voort, waggelt op de schotsch uitstaande wielen. De wind beukt er tegen met zware stooten, de regen gispt op de huif die blinkt als een gelooide, vettige pels, maar vast en veilig blijft de wagenkas rollen en botsen over den moerassigen straatweg. Bezijds, op 't land, staan de ziellooze wagens als ontredderde, onnuttige dingen, verlaten; de ploeg ligt geroest, verloren in 'n wazeland . . . maar de geheimzinnige voermanskar volgt vast de bane, die in een rechte lijn, door 't land loopt en eene streep trekt van ends ont ends het dal. Blijkbaar onbekommerd, onverschillig aan al wat en buiten omgaat, met kalm zelfvertrouwen, vordert het vaarte op afgemeten sukkeldraf; altijd voort, zonder uitkomst of belanden of rusten, kruipt het donker getrek over die eentonige, eindelooze baan; als een nietig gevalletje,

sukkelt het de deining neer, door 't dal en de helling weer op. Ten aanschijn van de uitgestorvene wereld doet het zijn trakelgang, als een dompelende bedevaart, brengt zijne boodschappen en voert zijne koopwaar van 't eene eind van de wereld naar 't andere... In het wijde dal is het schamel voermansgetuig 't eenig levend wezen in dien eendlijk doodschen dag.

Een bende zwart kraaien roeien op natte pennen, door de lucht. Zij wiegelen op de baren van den wind, laten zich slapvleugelig meêdrijven, wieken neêr met gespannen vlerken tegen den luchtstroom op en tuimelen overhoop, al krassend, tot ze gezamenlijk, als zwarte brokken, op den grond neerbeeten. Daar beginnen ze eenbaarlijk, met wreedden bek, te happen in rotten overschot en afval van gewas.

Op de hoogten staan de molens, ontzeild, geankerd en te weer tegen 't wilde geweld van den wind, eenzaam als sterke reuzen, met de armen kruisgewijs, boutstil en levenloos als doode dingen op de doode wereld.

En tusschen die stokstijve molens, tusschen de roeiende raven en zwarte kraaien, tusschen de traag voortrollende voermanskar en de laaggehurkte huizen en hoeven tenden de wegen en wegels, tusschen dit alles schijnt er geen 't minste verband, noch onderlinge betrekking. Elk ding lijkt eene eenheid op zichzelf, verlaten, te vergaan in de ijle eenode, waar het baloorig, kwade element, met groote, onmeedoogende onverschilligheid, alles vernielen wil en vermooschen. Die groote macht heerscht nu ontzaglijk over al die kleine dingen, welke door toeval ontstonden en wier bestaan door een andere toevalligheid zal eindigen: het blinde Noodlot, dat zonder iets te ontzien, uit een simpele gril, alles weer versmelten zal in den eendlijken baaierd, den grooten, zwarten nacht, lijk hij bestond voor dat één ding gemaakt was. Geen zonnegang die met morgenschemer of avonddeemster 't verloop van dien dagenloozen dag verkondigt. 't Is of de tijd, vast maar onmerkbaar, zijn einde nadert en weerkeert waar hij eens begonnen is, naar de algemeene rust aller dingen. Ondertusschen blijven regen en wind met sarrende standvastigheid aanhouden; 't ruischt en 't bruischt door de eentonigheid, met ongelijke halen. Niets dat het wreede Noodlot in zijn staag opkomende vaart bal stuiten — zoo vast als de gang van de zwart gehuifde kar, nadert het doel en het einde... want nu reeds vaalt de grijze deemstering naar nieuwe duisternis en de dag die in een spanne van grijzend twijfellicht nauwelijks open ging, om de verlatene eenschheid van de wereld

bloot te leggen, keert nu weer naar een avond van alles overweldigende treurnis, in zijn zelfde woeste, ijle nietigheid van nachtelijke dood.

't Zwarte karretje versmoort in de diepte samen met den weg, in den watermist — de vlagen die er als sluiers rondwarrelen, hebben het van het aanschijn uitgeveegd, waar de weg zelf verloren loopt in eene diepte van deemstering die huizen en velden oversopt. De boomen gelijken geen boomen meer: ze rijzen er als zwarte spoken tegen de groeiende donkerte overeind en waar ze in trossen bijeen staan, lijkt het niets dan een zwarte klomp, zonder zichtbaarheid van stammen of takken. De molens doen verend tegen den hemel, als wangedaanten zonder zin. Heel de vallei gaapt als een donkere oven tusschen de heuveling die ze omoevert gelijk een onmetelijke krater, wijd als de einder. De lucht die heel die wereld overkoepelt, wordt zoo zwart als de vacht zwart was van de kraaien die den eenschenden dag kwamen verlevendigen. Kermende geruchten zoeven en zuchten en kreunen uit al de gewesten en bij elken nieuwen asemhaal, spuwt die wreede blaasbalg zijn eentonige klacht weer door de ruimte. 't Gaat als een gestadig herhalen van dezelfde stomme woede en de dreiging van wreede onbarmhartigheid. 't Is of de kwade geesten bij benden elkander najagen en in hunne razernij, heele stoeten lijdende en kermende zielen meevoeren om ze te folteren. Met 't vallen van den nacht zal de leelijkheid en het kwaad eerste voorgoed botvieren over de verlatene, uitgestorvene wereld. Wat voor nieuwe ongelukken en vernielingsplannen worden er beraamd in de heimelijkheid der duisternis!? Wordt de lichtbron nu in haren oorsprong zelf, vermoord en al wat schoonheid is en blinkende helderheid, verkracht?! Wordt heel het Oosten, van waar de schoone dagen komen, vernield en den zonnemond verdelgd en volgestopt met zwarte rotsproppen!? Zal de wereld nooit de vreugde van den dageraad meer zien? Die dagelijksche, groote verrijzenis, de groote blijmare van 't eeuwig weerkerende leven, is 't alles voor eeuwig gedooft?

De laatste zonneglans die voortijds den dag uitleidde in den praal van oranje schoonheid, 't laatste levenswonder van den laatsten, schoonen dag, staat in 't geheugen der stervelingen als de gebeurtenis uit een andere wereld, een onmogelijkheid die niet meer weerkeeren kan — 't lijkt wel of de zomer reeds eene eeuwigheid voorbij is. En sindsdien is de derfheid gekomen in de lucht, de vuiligheid is er ingewoekerd en 't uitspansel volgegroeid als 't wier in een stilstaand water. Nu is 't er met geen geweld van

winden meer uit te roeien. Wanneer komt die weldadige strooming weer die 't zware zwerk vaneen splitjt en de wolken als schepen van licht, door de blauwe hemelzee doet drijven!? Wie bindt er het botte geweld van de duisternis en wanneer komt de dag weer dagen? De boeren zitten gescholen, vereenzaamd en afgezonderd, elk in zijn huis, bij den heerd; ze meumelen stil, ze knoteren in de duisternis van hun lage, bedompte slaapsteden. Zie over de vlakke, in de diepte, op de hoogten overal, pinken de lichtjes! De sterren aan den hemel zijn uitgevallen of verdoofd, maar daar, in elk huis, leeft het lichtje nog — daar schuilt het leven zelf. De menschen slapen, ze zitten neergeflokt, verkrompen te staren in de nauwte, tusschen hun enge, donkere wanden, maar bij lange ondervinding weten ze 't: er komt een einde aan! Ze leven nu als beren in hunne hollen; verweeuwd en in gedwongene luiheid, laten ze alles maar gaan; buischen en tempeesten, donkerte, regen en wind vechten boven hunne hoofden den oorlog uit, maar midelerwijl wachten ze gelaten en geduldig, met gedaagden zin, naar het einde van 't geweld.

Nu zijn 't de kwade dagen! In 't geheugen der landenaars leeft nog de naschijn van den schoonen zomer, de hitte van den stagen zonnegang. Nu zijn 't de kwade dagen — dat is de lastige overgang naar de wenteling van 't jaargetijde, de barensood, de wreede tuimel die de geboorte van den witten, helderen winter voorafgaat! De stormhoze moet hem meëbrengen uit het verre Noorden, — diezelfde zotte wind die nu zijn spokendans uitvoert en schuifelt en rook doet warrelen in den schoorsteen en regen gispt tegen de ruitjes. Voor vast is hij in aantocht, de witte winter, de blijde vorst en, uit de verholenheid van dien hollen nacht, klaart eens het milde zonneke weer, met vasten open- en toegang van heldere dagen en maneklare nachten. Dan worden de wegen weer vast en toegankelijk en een andere blijheid begint.

Wie leeft en wachten kan, zal 't ondervinden en er van genieten.

S. J. du Toit

SONNETTE

Gegrendel in die keurs van strenge wette,
spaarsaam bewoorde, vasgeskoeide skaar,
wat lewenssin uit lewendiepte gaar,
o, ingebonde, panserblink sonnette,

Ek sou uit botte swygsaamheid moes staar,
onsegbaar al die ongesegde dinge,
verdwaal in eensaamheid se tredmeulkringe,
as ek aan julle mars geen woord kon paar;

En bos en rant en dier en al die weelde
van son oor wye vlaktes sou ontdaan
ineenverskrompel soos 'n lang vergeelde
papierblad waar geen letter meer op staan,
en al my sielemoeite word tot beelde
wat ongebeiteld in hul puin vergaan.

DIE GRAAL

Ek volg hom uit die glansblou Tyd se pleine,
ek volg hom oor die bult van ieder jaar,
maar sien die hoë glorie steeds verklaar
tot yl opgeefsels oor ver wensterreine.

Ek soek hom in die droom en in die fyne
gedagtetwyggetak en daadgebaar,
in, steeds verklein, die eindelose kleine,
maar vind verduisendvoud my eie beeld slegs daar.

Die jare trap die jarespoor tot niet,
in soveel dae raak die dag verdwaal,
van elke drif begin die kleur verskiet,
die soek word 'n vergete ou verhaal;

Maar soms: ek sien 'n vriend, hoor kindertaal,
'n Bloem geur langs die weg, ek hoor 'n lied,
ek doen 'n guns waar niemand wins in siet,
en vir 'n oomblik, kyk, daar skitter dit — die Graal!

AAN 'N OU JAGTER

Weer eens, weer eens, op hierdie dag se dag
lees ek jou spore aan die silwerkant,
die sand wat wit was tussen pan en rant,
en weet dat ver oor sterreruimtenag,
onsterflik op hul etergolweband,
die lewe wat hier was van dier en plant
en stem van mense op agterhaling wag.

Maar neergetuimel lê jou tuinmuur hier,
en lang gestorwe is jou droom en daad,
en niemand is daar wat 'n woord meer praat
van toe jy jonk en sterk was en gevier.

Net in 'n vroeë versie flikker klein
wat eens die vuur was van 'n son wat skyn.

BY 'N DIERESTORIE

Wolwe en wilde diere, 'n ou verhaal,
ongeartikuleerde poot en bek,
waaruit die wank'le woord van mensetaal
die ou tablo tot drama poog te wek.

Grensloos, deur son en maan en ster bestraal,
waar eindeloos die jareswerm oor trek,
word steeds die weidse tafereel herhaal
in variasie wat tot eenheid rek.

En wat eens drif en woeling was, dit word
deur elke sekonde tot die Dood vergaar
en in die lewenlose Niet gestort,
waar geen verskil is tussen dag en jaar.

Net in die bundels van die spier gestaaf,
draai eindloos voort die kinomatograaf.

PIEJAANTJIE

Swartpietjie, klein piejaantjie, voëltjie fyn,
soveel eene reeds al het jy hier
oor al die skurwe vlaktes fees gevier,
en altyd wil jou wekroep my nog eien.

Toe ek nog haas nie was, het jou refrein
uit bossiebult my toegetierelier,
en by die groot relaas van leeu en tier
was jy vir my tog nimmer nietig-klein.

Jy flikker in die sonlig wit en git
op vlerkies wat soos duisend ratjies tril,
maar amper hol op stilstand staan jy stil,
en gaan weer op die naaste miershoop sit.

O, aardgebondenheid, o, strewingsdrang,
nes ek aan grawitasietou gehang!

Oom Bertus gaan Nuwejaar hou

P. D. SWART

As jy nog baie ver van oom Bertus se huis af is, sal jy al die garingbome sien. As jy aan kom is, per motor of perdekar, sou jy stadig ry want die pad is maar sleg. Daar is diep gate en slote waar die reënwater ongestoord sy gang gegaan het, en plek-plek lê daar weer net twee dowwe strepe in die lang gras om die rigting van die pad aan te dui. Dan sou jy uiteindelik links draai deur die doringdraadhek, tussen die garingbome deur, en voor jou is die huis.

Dit is 'n ou gebou van rooi bakstene en dit het 'n eienaardige voorkoms, want daar is 'n gang wat dwarsdeur die huis loop met 'n deur aan elke kant. Daar is daarom 'n vleuel aan weerskante van die gang met reguit buitemure. Die kamers aan weerskante van die gang lê dus in reguit rye, drie aan elke kant. Kyk jy van buite af sien jy die twee spitspunte van die grasdakke aan weerskante van die plat streep sink oor die gang.

Vlak teen die ry garingbome staan 'n klipkraaltjie. Dit is 'n vervalte ou beeskraaltjie wat nou nie meer in gebruik is nie. Maar hierdie is oom Bertus se geliefkoosde plekkie as daar iets is wat hom hinder, as daar iets is wat hy wil oordink en bepeins. Ook wanneer daar vir hom tye van smart en droefheid aangebreek het, het hy hier kom staan met sy rug teen die muur naaste aan die huis, en die garingbome agter hom. Dan het sy oë gesoek na die rooi kliprantjies met hulle kolle-kolle aalwyne en hier en daar 'n enkele boerboon.

Hier het hy gestaan nadat Dawid, sy enigste seun, vertrek het. Dawid, op pad na Europa en Delvillebos. Hier het hy gestaan nadat die nuus hom bereik het dat Dawid nie weer sou terugkeer van oorkant die groot water af nie. En hier het hy sommer baie maal kom staan nadat hulle tant Lenie in die rooi grond weggebêre het.

Maar dit was dertig jaar gelede. Maria, sy dogter, was toe tien jaar oud. Tien jaar later is sy ook getroud en oom Bertus het alleen agtergebly. Hy het nooit weer getrou nie. Hy het nie sy rug op die stilte van die plaas gedraai en elders gaan geselskap soek nie. Hier op Aalwynspoortjie was sy plek en hier het hy gebly...alleen met sy herinneringe.

In die plek van sy vrou het hierdie groot eensaamheid gekom. Dit het rondom hom gelê, hierdie groot eensaamheid en stilte, hom omhul en afgesonder. Hy het geen teenstand gebied nie, hy was tevrede; dit het selfs 'n veerste geword. Gewilliglik het hy dit sy siel laat binnedring, en dit het in hom gegroei, hom geheel en al in besit geneem.

Sy medemens se geselskap het vir hom minder en minder 'n behoefte geword. Daar was vir hom twee plekke; eers sy plaas — 'n vesting — en dan die wêreld daarbuite. Moes hy die plaas verlaat, het hy teruggehaas. Soveel as moontlik het hy sy besigheid probeer reël deur briewe en boodskappers. Besoekers is nooit onvriendelik ontvang nie, maar met die loop van jare het hulle uiters min geword. Ou vriende het gesterf, enkeles het verhuis en vir jonger mense was daar nie aantrekkingskrag in die eensame ou man se geselskap nie. Oom Bertus was nie spyt nie. Die eensaamheid het 'n gevoel van groot verdraagsame kalmte en rus gebring. Rus, nie alleen in sy hart nie, maar dit het vir hom gevoel asof dit rondom hom lê, en wegdein oor die uitgestrektheid van die veld tot waar die blou rantjies en die lug een word.

Daar was ander dinge in die plek van mense se geselskap: die gebulk van 'n kalfie uit die takkraal, die gekoer van bosduiwe op die grasdak, die gekras van 'n rooikopfisant in die populierbos, die blink water wat tussen die persgetinte koolkoppe loop, die ruik van die grond na 'n bui reën, die eerste strale van die son, en . . . stilte.

* * *

Eenmaal elke twee jaar het Maria en haar man vanuit Johannesburg die ou man kom besoek. Na 'n twee weke of wat op die plaas het die kinderlose egpaar dan weer vertrek. So gereeld as Maria gekom het, het ou aia Potjie, wat op haar pruttelrige manier vir oom Bertus huis gehou het, na haar stroois toe geloop en nie weer teruggekeer voordat Maria vertrek het nie. Die manier waarop die kleinnonnie die eerste maal kom ingryp het en alles probeer verander het, het haar ontstel, en sy het dus elke keer daarna ewe hooghartig die dowwe voetpaadjie gekies stroois toe. Maria moes dan met behulp van 'n ander meid, gewoonlik 'n jong en onervare een, aansukkel.

Op Oujaarsdagmore val die eerste sonstrale op die geboë figuur van oom Bertus waar hy teen die klipkraaltjie leun. Hy dink oor die geselskap van die vorige aand.

„Pa kan gerus oormore saam met ons ry sports toe, by die Dwarsberge. Hulle hou elke Nuwejaar die sports. Pa

sit darem hopeloos te veel by die huis. 'n Mens kan 'n ding oordoen ook!"

Die ou man se blik het onwillekeurig gedwaal na die muur toe langs die staanhorlosie. Sy vrou se gesig lyk so rustig en kalm op die portret . . . en so was sy ook. Sy het altyd gepaai en hom probeer kalmere as hy opgewonde geraak het. Haar hand op sy skouer, hoe duidelik voel hy dit nog . . .

„My kind, die wêreld het te veel verander. Die dinge van my tyd is verby. Die mense is anders, alles is anders. Julle is jonk, gaan julle maar.” Hy voel hy kan nie weg van Aalwynspoortjie af nie. Die gedagte maak hom seer.

„Ag nee wat, Pa, kom gerus. Daar sal van die ou bekendes ook wees,” en sy skoonseun voel heimlik 'n bietjie trots oor hierdie rede wat hy so knap aangevoer het.

„Dis tog maar in die veld. So 'n soort uitkampery,” gaan Maria voort. „Dis maar net vir die dag en die aand om twaalfuur kom ons weer. Dit sal Pa ook goed doen. Mens kan tog ook nie ry en Pa hier laat staan nie, al sê Pa nou ook Pa gee nie om nie. Nuwejaar kom maar eenmaal 'n jaar!”

Oom Bertus hoor dadelik die ongeduld in haar stem. Ja, sy is soos hy was voor sy vrou se dood, ongeduldig, en as sy kop na 'n kant toe gestaan het, was dit verniet. Sy sin moes hy kry. Dawid ja, hy was soos sy moeder. Hy het soms gewonder hoe die grond lyk waar Dawid begrawe lê in Frankryk. Of dit ook rooi is soos hier waar sy moeder rus?

Baie teensinnig het hy toe maar uiteindelik ingestem, maar hier waar hy vanmore weer so teen die klipkraaltjie aanleun wonder hy waarom hy dit gedoen het. Die bye soem aanhoudend om die blomme van die garingbome bokant sy kop. Dit was 'n goeie jaar met baie vroeë reën. Hy kon homself nie voor die gees roep dat die garingbome vantevore reeds so veel in die blom gestaan het op Oujaarsdagmore nie. Sy harde vingers speel met die skerp rand van 'n stuk leiklip. Ja, hy het gedorie waar vir hierdie besigheid nie lus nie. Hy sug diep, kom orent tot sy volle hoogte en strompel oor die leivoortjie heen na die beeskraal toe.

Dis 'n ruk na sonop die volgende oggend toe oom Bertus vir ou Simon sy instruksies gee vir die dag.

„Kyk, nou laat jy Angelier se spene vol ghries smeer, en laat die groot kallers nie te laat uitkom om te gaan wei nie. En kyk laat ou Bybie se vul nie te naby die muile kom nie. Hulle sal hom verongeluk. Moenie die varke se

mielies en water vergeet nie. En kafferkoring en dikmelk vir die hoenders. En hou jou oë oor Pêkoe. As die son onder is, moet die skape in die kraal wees en jy moet oplet vir skaapdubbeltjies en bosluise. Die kalkoentjies moet in die hok. Jy weet hoe maak die meerkaaie. En more vroeg moet jy winkel toe vir die pos, en Petrus moet so teen elfuur gaan kyk of die hangkopkoei in die boonste kamp nog nie gekalwe het nie . . ." Hy steek skielik vas. Wat op aarde sou hom besiel? Hy is sowaar besig om bevele te gee vir die volgende dag. 'n Mens sou sweer hy gaan daelank wegbly!

As dit vir ou Simon snaaks geklink het, is daar geen teken op die gerimpelde gesig om dit te verrai nie. Na 'n onpersoonlike „Ja, Oubaas," stap hy weg.

Voor hy in die motor klim, kyk oom Bertus nogeens om hom rond. Sy oë streel oor alles, die windpomp, die regop stamme van die garingbome, die lower van die populierbos, die blou, rooi en vaal van die leiklippe in die ou kraalmuurtjie, die gladde stam van die mak-sering langs die huis se hoek, die groen van die mielies byna in die saai . . . Toe draai hy om en klim met 'n onderdrukte sug in die motor waar hy penregop op die agterste sitplek stip voor hom sit en uitkyk.

Die kar is spoedig deur oom Bertus se laaste hek. Dit voel vir hom of iets binne aan hom krap. Hy voel ongemaklik, frons, skuifel hierheen en daarheen, maar sy liggaam bly styf en gespanne. Hy kyk nie om nie, maar voor sy geestes oog kan hy sy hek duidelik sien. Die grens van sy plaas . . . Hy moes nie gegaan het nie, hy moes by die huis gebly het. Half nors stoot hy met sy voet 'n kosmandjie opsy. Dis vir hom byna asof hy iets vreemds tegemoet gaan. Die wêreld het verander, ja, dis nie meer die wêreld wat hy geken het nie. Op sy plaas het hy veilig gevoel, veilig teen die wêreld om hom. Weliswaar moes hy dit 'n enkele keer verlaat om miskien winkel toe te gaan of uiters een maal per jaar iewers anders heen. Maar dan het hy geweet wat hom te doen staan. Hy was dan die baas. Nou voel hy egter onseker, asof hy iets tegemoet gaan wat hom bedreig, sy veiligheid, sy rus gaan versteur. Hierso is hy nie die baas nie, dinge nie in sy hande nie, en dit maak hom onrustig.

„Kry bietjie die geld reg," hoor hy sy skoonseun vir Maria sê toe hulle na 'n ruk uit die grootpad uitdraai na 'n wit hek toe.

Geld? dink oom Bertus. Waarvoor? Die volgende oomblik kom die kar tot stilstand voor die hek. 'n Verpiepte jong

kêreltjie met 'n veelkleurige papierhoedjie skreeu hulle luidrugtig 'n „plesierige nuwejaar” toe, en voeg in byna dieselfde asem by: „Drie mense? Sewe-en-ses asseblief!”

Oom Bertus is oorbluf. Werktuiglik voel-voel sy vingers na die onderbaadjiesak, maar Maria het alreeds betaal. Betaal om in te gaan? Voorwaar die wêreld het verander. In die ou dae het hulle sommer saamgetrek op die een of ander man se plaas, waar daar baie bome was, en sports gehou. Almal het gekom en gegaan soos hulle wou. Betaal? Voorwaar! En die harde vingers stryk deur die vosbaard.

'n Groot aantal motors staan onder die bome rond en een of twee verlate perdekarre. Sommige mense het tente opgeslaan, ander het net seile oor pale gespan. Hier en daar krul 'n blou rokie lui uit die gras op.

Alhoewel die drie saam by die kar wegstap, dwaal oom Bertus gou weg. Dit is nou maar net agtuur maar die son steek uit die hemel. Hy beweeg in die rigting van die voetreisies. Hier en daar ontmoet hy iemand wat hy ken, en alhoewel daar orals baie geselskap plaasvind en baie vrolikheid skyn te wees, staan oom Bertus spoedig alleen op die rand van die kring toeskouers. Die afgesonderdheid van baie jare maak dit vir hom onmoontlik om aansluiting te vind. Hy voel bloot dat hy niks te sê het nie. Die lawaaierige krete en gille van aanmoediging val hard op sy ore wat die stilte gewoond is. Toe 'n stem skielik hard en blikkerig oor die luidspreker kom hier vlak agter hom, wip hy soos hy skrik.

Vier vroumense lag skel waar hulle naby hom in 'n groepie staan. Hy staar hulle aan. Hulle het almal dun wit bloeses aan wat bloedweinig verberg. Twee van hulle het blou driekwartbroeke aan wat op hulle kuite met toutjies vasgeryg is. Die ander twee dra uiterse kort wit broekies. Een is taamlik lywig en sy laat oom Bertus dink aan ou Bontrok se agterlyf 'n paar maande na sy gespeen het en na die goeie reëns weer mooi in kondisie is. Die ander een, met lelike spatare op die bene, is seker nie meer te jonk nie, ten spyte van wat die verf op haar gesig probeer verberg. Van wat hy kan uitmaak, bespreek hulle hulle kinders. Al vier het heldergekleurde sigaretkokers tussen hulle vingers en die rook hang om hulle.

Oom Bertus het nie veel erg aan die voetreisies nie en hy stap terug kar toe. Daar vroetel hy rond en begin uiteindelik 'n vuurtjie te maak om die koffiewater te kook.

Toe hy, soos hy gewoond was, sy koffie swart gedrink het, skeur die stem oor die luidspreker weer deur die lug.

„Dames en here, die perdereisies wag vir julle. Oor 'n

halfuur word die eerste plaat gehardloop. Kom maak geld, dames en here, kom wed op die wenner!"

Die mense begin nou almal in 'n sekere rigting beweeg, merk oom Bertus. Die stof slaan uit die droë voetpaadjies tussen die doringbossies op soos hulle aanstryk. Nie alleen veraf sien hy hulle nie, maar ook links en regs van hom stryk hulle verby; meisies met helderkleurige nekdoeke, jong mans met kort kakiebroeke en oopnekhemde aan. 'n Ou vrou, in swart geklee en met 'n egte Voortrekkerkappie op, se kierietjie kap ronde kringetjies in die sand soos sy ook kruppel agterna hink. 'n Gebreke like man se rystoel swenk behendig tussen die graspolle deur onder die vaardige hande van 'n kaffertjie met 'n geskeurde broek en lelike, gebarste voetsole.

Dit is asof 'n kreet opgaan, 'n kreet van die jong nooiens en kêrels, van die ou moeder in haar sobere drag, van die man in die rystoel: „PERDE TOE!"

By die reisesbaan staan die mense om 'n ronde draadkampie. Daarbinne word die perde wat aan die eerste plaat gaan deelneem in die rondte gelei sodat die mense hulle kan sien. Die jökkies word geweeg. Hulle is almal naturelle en hulle hemde is helder kleurkombinasies met pette om daarby te pas. Sou daar dan geen wit seuns wees om die perde te ry nie? Moet die kaffer dít ook nog vir ons doen, wonder oom Bertus. Hy frons ontevrede. En die geweëry? Die ou Boere het sommer hulle perde gebring na 'n sports of plesierplek toe en hulle dan net voor die reises opgesaal, en weg is hulle wegspringplek toe! As jy jou eie perd wou ry, het jy hom gery of jy nou 'n boepens gehad het of nie. Dit was alles vir die plesier. En sommer in jou gewone klere.

Die perde lyk vir hom ook maar maer met hulle dun bene, en dit lyk nie asof hulle lank sal kan aanhou nie. Hulle word opgesaal en kry doeke met hulle nommers op. Die luidspreker is alweer doenig. Die name van die eienaars en die perde word aan die publiek gegee. Oom Bertus luister aandagtig maar kan al die name nie onthou nie. Nommer een is: Fleiming Faaier, nommer twee Klitemnêstra, nommer drie Dispenseisjun . . .

Links agter hom is 'n afdakkie met drie mans agter 'n lang planktafel. Tussen hulle lê geldsakkies en hy sien die mense voor die tafel kom staan, en hy hoor: „'n Halfkroon op nommer een," of „Tien sjelings op Klitemnêstra." Dan kom hulle daar weg met 'n stukkie wit papier.

'n Endjie daarvandaan sit 'n man 'n paar voet hoog in die lug op 'n verhogie. Hy sanik aanhoudend asof hy 'n

rympie opsê: „Ten to one Clytemnaestra, seven to one Flaming Fire, even money Sloppy Joe . . . !” Die mense gaan by hom ook geld verwed en oom Bertus hoor hulle van hom praat as ’n „boekie.” Hy hoor nog meer nuwe woorde soos „tout” en „stoun.”

Die perde begin nou aan te stap wegspringplek toe en nou drom die wedders vir laas voor die tafel saam. Oor die luidspreker word met gereelde tussenposes die wonderlike, oorspronklike sinnetjie herhaal: „Kom maar en wed en moenie vergeet nie, wed tog op die wenner!” ’n Vaal donkie, wat met ’n riem om sy nek aan ’n boom vas is, sien die reisesperde verbyloop en balk hulle sy beste wense toe.

Na twee „fols staarts” spring die perde weg en Sloppy Joe met ’n geel Boesman op sy rug wen maklik. Nou heers daar groot opgewondenheid. Van alle kante storm mense op die tafel en die „boekie” af om hulle geld te kry. Oom Bertus kry ’n harde stamp in die ribbes, want hy is in die pad van ’n jong seun met sproete. ’n Dogtertjie van drie jaar word voete in die lug geloop en beland met haar boudjies in ’n klein doringbossie waar sy huilend bly lê. Iemand help haar op en kyk rond of sy haar moeder nie sien nie, maar die is skynbaar onder die gelukkige weners.

Die gedoente laat oom Bertus se mond oophang. Soos ’n klomp gulsige voetgangersprinkane stoot en verdruk die mense mekaar. Rondom hom lê daar spytige geluide van die baie verloorders en die nuttelose wedkaartjies lê orals wit op die sand rond.

Oom Bertus sien die ou vrou met haar swart rok en Voortrekkerkappie naby hom op ’n veldstoeltjie sit. Hy ken haar nie, maar sy moet omtrent sy ouderdom wees. Wat sou sy van die gedoente dink wat so anders is as in die dae toe sy jonk was? Hy sou graag aan haar wou sê: „Ja, ou niggie, hoe anders is die tye tog, nè! Om te dink dat mense so mal oor geld kan word!”

Hy wonder wat sou Lenie gesê het as sy alles vandag moes aanskou. Ja, Lenie . . .

„Verdomp!” hoor hy iemand sê, „jy sit ’n halfkroon op en jy kry maar drie-en-nege terug.”

’n Jong meisie kom reguit na die ou tante toe aan. Sy hou haar hand na haar toe uit. „Hier is Ouma se geld. Ouma kan darem maar raak raai. Waarop gaan Ouma nou wed?”

Oom Bertus draai vinnig weg asof hy na iets gekyk het waarna hy nie moes nie. Hy mik-mik tente se kant toe. Maar dan kondig hulle aan dat die volgende plaat vir Boerperde is. Hy gaan na die perde kyk. Daar is vyf.

„Daardie eerste vier is net so min Boerperde as wat ek een is,” mompel hy. Hulle is omtrent maar net so maer as die klomp wat eerste gehardloop het. Maar toe hy na die vyfde perd kyk, is dit asof sy hart 'n ruk gee. Die perd is 'n groot, swaar, bruin reun en die ewebeeld van die perd wat hom dwarsdeur die Engelse oorlog gedra het. Oom Bertus se baard bewe van opgewondenheid. En nie net deur die oorlog nie. Hy het hom ingebreek toe hy 'n jong vul was, en na tant Lenie toe gery op sy breë rug. Nog nooit kon 'n perd so op 'n haar na Robyn gelyk het nie! Nooit! Robyn wat hom so dikwels onder die koeëls en uit die gevaar uitgedra het! Oor slote en berge, deur drade, riviere en klowe, en nooit 'n poot verkeerd gesit het nie. Getroue Robyn!

Hy voel in sy hart dat hierdie perd die reises gaan wen. Hy moet! Die ou man wag opgewonde dat die reises moet begin. Daar roep hulle die name uit. Nommer vyf se naam? Wat? Het hy reg gehoor? Robyn! Kan dit? Nee, daar roep hulle die naam weer. Hy het verkeerd gehoor. Die naam is Romein. Tag, maar dis naby! Oom Bertus se hart klop vinnig.

Saam met die ander toeskouers staan hy agter die draad. Hy is die ene aandag en leun vooroor om die perde te sien. Eindelik kom hulle. Romein kopspeel verby. Die geel Boesman ry hom. Oom Bertus skuif effens rond asof hy hom reg in die saal inwikkel. Kon hý hom maar liewers ry! Maar die Boesman het dárem die eerste reises gewen.

„Nommer vyf? Nee man, hy het nie 'n hoop nie! Hy is gans te swaar. Hy maak sewe furlongs nie! Hy sal more nog hardloop!” Dis die mening van 'n middeljarige kêrel met 'n bleskop en 'n donker bril teenoor 'n vriend.

Oom Bertus vererg hom bloedig. Wat sou die pampoens van 'n perd weet? Wag maar, ou matie. Hy byt op sy tande en maak of hy die onbeskofte vent verder nie hoor nie.

Die perde spring weg en eers bly hulle in 'n bondel. Maar ongeveer halfpad begin hulle 'n streep te vorm en heel agter lê die bruin reun. „Hy sal kom! Hy sal kom!” mompel oom Bertus, en sy vingers speel senuweeagtig met sy horlosieketting. Maar toe hulle om die laaste draai kom, is hy nog agter. 'n Oorverdowende geskreu gaan om hom op soos die mense die perde van hulle keuse aanmoedig. Oom Bertus word met die vloed saamgesleur. Hardop skreeu hy: „Robyn! Kom aan, Robyn!” Romein is egter agter, 'n goeie vier lengtes agter. Die Boesman skop met sy hakke en slaan hom roekeloos oor die boude en ribbes, maar tevergeefs. Hy eindig laaste.

Oom Bertus vee met sy hand oor sy voorhoof. Hy voel moeg en swaar. Daar is 'n nare droë gevoel in sy keel. In al sy vyf-en-sewentig jaar het hy die son nog nie so voel brand nie. Hy draai om en strompel terug in die rigting van die kar. Maria, wat hom sien loop het, haal hom van agter af in, maar hy verseker haar daar is niks verkeerd nie, en hy gaan net rus.

Lank sit hy op sy veldstoeltjie met sy rug teen die kar. Tussen die dik dorings en fyn blaartjies van die kameelboom deur kyk hy na die vlekke blou lug, maar voor sy geestesoog verskyn rooi rantjies en aalwyne en hy voel plotseling baie verlate en seer.

So sluimer hy in en skrik wakker toe Maria die kosmandjie hier by hom kom uitpak vir middagete. 'n Aan kondiging word weer oor die luidspreker gedoen. Die dames en here kan onder die dak op die dansbaan kom aansit en 'n smaaklike bord kos eet vir drie-en-ses. Dit tref oom Bertus as eienaardig dat mense hier na die veld toe kan kom vir die dag en dan by 'n tafel kan gaan aansit om bedien te word. Hy sê egter niks.

Hy is stil en afgetrokke gedurende die ete, maar 'n rukkie daarna wag 'n verrassing vir hom. Ou Mike Brown, 'n ou Engelsman wat vir jare sy buurman was, en toe na Waterberg verhuis het, kom by hom aangestap. Hulle het altwee aan die slag van Zandriverspoort deelgeneem aan teenoorgestelde kante. Na die Tweede Vryheidsoorlog het ou Mike teruggekom en uiteindelik langs oom Bertus kom boer. Hy dra 'n groot swart snor maar verder geen baard nie. Aan sy linkerhand het hy net drie vingers. Twee is netjies afgesny tydens die slag van Zandriverspoort, en ou Mike het altyd gesweer dat dit oom Bertus se werk was.

Die twee ouens gesels baie lekker, maar tot oom Bertus se teleurstelling moes ou Mike weer om vieruur ry. Hy is op pad Johannesburg toe, en hy het maar net kom inloer toe hy met die verbygaan al die karre en tente bemerk het. Hy het ook nie betaal by die hek nie, vertel hy met 'n ondeunde laggie, want hy het vir die outjie hier gesê hy is 'n Volksraadslid. Met spyt sien oom Bertus hom vertrek.

Die perdereisies is nou verby en oom Bertus stryk langsaam aan na waar 'n klomp mense in 'n kring staan. Hulle is besig om te kyk na 'n groepie mans in die middel wat om die beurt gewig opstoot. Die deelnemers lê op hulle rugge op 'n bankie. 'n Ysterstaaf met twee ronde plat gewigte aan die twee ente word in hulle hande gesit en hulle moet dit dan opstoot sodat die arms styf en reguit staan. Kleiner gewiggies word dan aan die punte van die

staaf ingestoot en elkeen probeer dan weer. Een vir een sak die deelnemers uit. Daar bly naderhand nog net twee oor. Een is 'n groot bruingebrande boer in kakieklere. Hy het 'n groot maag en sy arms is soos 'n paar jong boomstamme. Sy oë is klein en swart bokant sy ronde wange. Oom Bertus ken hom. Dis ou Harmaans Engelbrecht se seun, en die ou kêrel self was voorwaar altyd so sterk soos 'n leeu. Die ander deelnemer is 'n gespierde kêrel. Hy het nie 'n hemp aan nie en sy liggaam loop soos 'n wig van sy middellyf af op skouers toe. As hy beweeg kronkel die spiere op sy rug soos slange. Hy hou aan al in die rondte stap.

„Nee wat, ou maat,” dink oom Bertus toe hy die jong man so dophou, „jy maak dit nie. Jy het dan nie eers maag aan jou nie. Die boer gaan jou iets wys. Hy het murg in sy pype. Jou broek is te lig!” Hy onthou skielik hoe Groot Harmaans Engelbrecht sy humeur eendag verloor het en 'n drie-jaar-oud muil wat steeks was aan sy agterpoot by die stal uitgesleep het.

Die boer kom eerste aan die beurt. Hy trek sy kakiebroek wat afgesak het halfpad teen sy maag op en gaan lê op sy rug. Twee kêrels sit nog gewiggies aan en hulle lê die staaf dan oor sy bors en in sy hande. Hy trek sy asem diep in en begin dan stoot. Sy gesig word eers rooi en dan blou. Die harige massiewe regterarm beur langamerhand reguit maar die linkerarm bly maar gebuig by die elmboog. Die arm begin te ruk en te bewe. Hy laat sak die gewig. Hy gaan weer probeer.

„Stoot man, stoot!” fluister oom Bertus dringend. Hy voel sy eie spiere styf word soos hy hom inspan. Die sweet pêrel die vet boer op die voorhoof uit. Sy oë is bot toe. Hy byt op sy tande. Byna, byna . . . Nee daar laat hy weer sak. Hy gee op. Hulle neem die gewigte weg en help hom op.

Die ander kêreltjie kom, gaan lê, skuif 'n bietjie reg en stoot die gewigte op.

Voor die toejuiging kan ophou is oom Bertus al weer halfpad kar toe.

Maria het gemeen dat sy sou moes sukkel om oom Bertus na die dansbaan toe te kry waar sy wou gehad het hy moes sit en kyk. Maar hy gee tot haar verbasing geredelik toe. Hy voel op hierdie tydstip absoluut passief, so leeg, asof hy nie juis 'n vat aan iets kan kry nie. Daarom maak hy dan ook geen beswaar nie maar stryk maar saam met hulle aan. Hy voel darem 'n skokkie toe Maria tien sjielings moet betaal vir 'n kaartjie om hom in te laat.

Binne gaan hy op 'n bankie aan die kant van die dans-

baan sit. Hy is nie ver van die orkes af nie. Daar is 'n hele aantal spelers. Hy merk 'n konsertina en ghitaar, maar dit is asof hulle stemme gesmoor word deur ander instrumente wat vir hom vreemd is. Daar is iets wat soos die konsertina getrek word, maar tog note het soos die ou serfyntjie by die huis. Een man slaan op 'n drom, 'n ander een het twee plat koperskywe wat hy teenmekaar klap. Dan is daar nog een wat op 'n silwertrompet speel. Die musiek staan oom Bertus nie aan nie. Gee hom die dae van die konsertina en ghitaar!

Hy kan onthou hoe twee Botma-broers altyd gespel het, dwarsdeur die nag net vir die louter plesier. Hy is seker hierdie klomp word baie duur betaal. Ja, die Botmas het net nou en dan opgehou om 'n sopie te drink... Hier na die rooidag se kant toe het die een eers allerhande mane-wales met die konsertina uitgehaal. Hy het dit bokant sy kop gehou en gespeel, agter sy nek gehou en gespeel, en sommer daarmee tussen die dansers ingevaar en hulle laat spring van wals na seties, van seties na masurka, masurka na polka. Hy en Lenie kon dans, dink oom Bertus met 'n weemoedige laggie. Voorbokke was hulle...

Hy sien dat die mense ook heelwat anders dans as in sy tyd, en meeste passies is vir hom onbekend. Enkele uit-spattende dansers staan mekaar ook meer en rondruk as iets anders. Ander skyn weer langs hulle maats verby te stap en so op 'n gespierde wandeling tussen die ander dansers deur te kuier.

Maria dans verby. Ja, sy lyk heelwat na haar moeder. Met tevredenheid merk oom Bertus dat haar rug en skouers deur haar rok bedek word.

Ja, hulle kon dans, hy en Lenie. Hy onthou hoe hy haar die eerste aand ontmoet het, meer as vyftig jaar gelede. Daar was 'n dans by ou Krom Kerneels Brits. Hy was uitgelate, een van die voorperde soos gewoonlik. Daar is hy toe voorgestel aan die nooientjie met haar sagte bruin oë. Sy was klein, haar kop het net tot op sy bors gekom, maar sy was 'n uithaler-danser. Snaaks, sy het sommer geweet toe hy wou weggliip om nog 'n sopie te gaan drink, en sy het vir hom gesê: „Nee, dis nou genoeg! Kom ons gaan soek liewers 'n bietjie vars lug.” Hulle het voor die stoep gaan staan. Die maan was helder en het 'n blink streep gelê oor die water in die gronddammetjie. Van binne het die konsertina se hartseernote gekom. Hy het afgekyk en sou graag sy arm om haar wou sit, maar hy was vir die eerste keer in sy lewe bang vir 'n nooi. Hy was tevrede toe sy opkyk en vir hom glimlag...

Die musiek hou skielik op en oom Bertus se gedagtes kom weer terug. 'n Pyn-glimglag lê om sy mond en sy oë brand hinderlik. Hy trek sy kakiesakdoek uit sy sak.

Skaars het die volgende dans begin of hy hoor iemand in 'n hoë stem „hoe!” roep. Dit geskied met gereelde tussenposes. En toe sien oom Bertus hom. Dit is ou Jan Lombard! Ja, ou Jan wat nooit in die ou dae met 'n vrou gedans het nie, maar altyd alleen tussen die dansers rondgewals het en sy plesierige „hoe”-geluidjies gemaak het. Dieselfde ou Jan! Die lang figuur is net effens meer geboë en die hare spierwit. Hy is ook nog so aangetrek soos toe. 'n Gaberdienbroek, 'n swart onderbaadjie, die kakiehemp by sy nek toegeknoop en sonder 'n das. Die ou het die een arm bokant die kop en hy draai en skuifel al agter die dansers aan. Tag, dink oom Bertus, hy is omtrent my ouderdom! Maar hy kry die ou nie tussen die massa te sien toe die dans ophou nie.

Twee danse daarna val ou Jan Lombard skielik vooroor inmekaar. Die dansers kom tot stilstand en die orkes hou skreeu-skreeu, ongelyk op met speel. 'n Dokter kom tussen die dansers uit en hulle dra die ou man gou weg. 'n Rukkie daarna begin die musiek weer. Dit was glo ou Jan se hart. Hy is ernstig en moet dadelik weggeneem word.

Oom Bertus sit penorent op die bankie. Hierbinne kan hy dit nou nie meer uithou nie. Die lawaai van die orkes, die gelag en gesoem van die dansers word vir hom te veel. Hy hoort nie hier nie. Almal om hom is plesierig, dit sien hy. So is dit goed. Dit moet so wees. Maar hy, hy hoort nie hier nie! En ou Jan Lombard ook nie. En Lenie ook nie. Hulle tyd is verby. Hulle is mense van gister. Maar Lenie is weg, en ou Jan is nou ook weg . . .

Naby hom sit 'n opgeskote knaap. Oom Bertus sê iets aan hom en beduie. Dan is hy op en buite die baan. Hy stap met die stowwerige paadjie aan. Bokant hom glinster die talle sterre. Die geluide van die dansbaan af word dowwer. Daar anderkant die groot boom wat so donker teen die lug vertoon, lê Aalwynspoortjie. Aalwyne, rooi rantjies, boerboonbome, Lenie en . . . stilte, groot, groot stilte.

Meer as 'n uur later gee die jong knaap 'n boodskap aan Maria.

En etlike myle daarvandaan skreeu twee kiewietjies skel en fladder verskrik weg toe 'n ou man naby hulle gaan sit om weer sy skoene aan te trek na hy deur 'n spruitjie gestap het. Kortpad deur die veld is dit nie meer ver nie, uifers drie myl. En die nag is so stil . . .

Bartho Smit

JONA

1

Die groot gebou maak sy kake oop
en braak Bart Harmse uit.
Dit wurm fosfor voor sy oë,
dit weerlig groen rooi blou
aan alle einders van die nag.
Dan ruk die straat hom in 'n
en maal hom tussen koppe af
deur tonnells van geverfde lig.
Die geur van olie en metaal
is in die lug en wind. Ver bo,
met drie sterre wat verskiet,
ronk 'n vliegmasjien verby;
en almal rondom hom kyk op
soos beeste wat die wagter hoor.
Hy dag dis hy alleen wat weet,
maar almal voel die leë plek.

Hy spoel in stiller strate uit
en sien 'n naturel wat kruip
met uitgeteerde knieë hoog
bo kop en skouers opgetrek
soos toringpunte van 'n kerk.
En tussen motte in 'n lamp se lig
ontken twee star, berekenende oë
'n maer figuur se jeugverhaal.
'n 32-Ford hou langs haar stil.
Sy lag 'n vuil muur om haar siel
en klim dan onverskillig in —
want Hy't ons almal grootgemaak,
dink Harmse voor 'n robotlig,
en nou afgetree met pensioen;
ons swerwe in die leë plek.

30

Letters lig skreeu oorkant die straat
 dat hy 'n brandewyn moet drink.
 Hy duikel tussen motors deur,
 stoot 'n kroeg se voorhang oop
 en vra 'n dubbele met koue bier.
 Die plek is leeg. Daar's net 'n boemelaar
 wat ongeskeer oor sy sjerrie droom, en hy.
 Die kroegman staan die aandkoerant en lees.
 Bart Harmse drink. Hy droom hy leun weer
 oor 'n kraalmuur waar die beeste
 in die dons van hulle asem slaap;
 Maar voor hom styg die leegte uit 'n fles
 en kruip 'n taai mis teen die mure op.
 „I say, this life is up to maggots, pal.”
 Hy ruk orent. Twee fletse oë korrel
 oor 'n bloedbearde neus na hom.
 „See, I'm tired, pal. I've had enough.
 I'm tired of whisky. I'm tired of gin.
 I'm tired of women. I'm tired of sin.
 God, am I tired...”

Waar bly die Grootwild wat ons almal jag:
 die Goue Leeu wat laas teen die horison
 gestaan het toe die wind die son uitwaai
 en alles donker word? Vind ons Hom nog
 in hierdie oerwoud van beton en glas?
 Of lê Hy lankal in 'n donga vasgeval
 waar dag na dag ons silwer aasvoëls
 rooi wonde in Sy liggaam skeur?
 Bart Harmse staar voor hom en drink.
 Sy glas maak sirkels op die tafelblad
 en elke sirkel sluit 'n leegte toe.
 Hy's weg. Ons dra Sy afwesigheid
 van leë kroeg tot luide kroeg
 en vind slegs spore wat vervaag;
 en nooit gly meer 'n skaduwee
 om middernag teen 'n ster verby,
 of flits twee oë onsigbaar om 'n hoek.
 Hy's weg. Die sirkel is gesluit:
 die leegte is finaal, is afgerond.
 Bart Harmse gryp sy hoed en waggel uit

en swerwe voort van kroeg tot kroeg,
 'n pelgrimstog van kroeg tot kroeg.
 Dit praat van Destiny en Superman.
 „Daar is net een perd op die baan
 — 'n merrie wat geen weerga ken —
 en dis Grey Death, ou swaer, Grey Death;
 jy kan maar elke pennie op haar wed!”
 Bart Harmse sit sy glasië neer en hik:
 „dis wat jy dink, maar daar's nog EEN:
 hy loop jul merrie in haar moer.”
 Hy drink sy dubbel angs met koue bier
 en tuur wanhopig by hul oë in,
 maar elke oog is 'n kykgat op die niet.
 „Gaan red wat nog te redde is, ou swaer,
 want daar's net een perd op die baan
 en dis Grey Death!”
 Dit lag, dit skreeu, dit juig om hom.
 Dan rol die kroeg hom in sy kieste rond
 en gaap en spoeg hom uit.

3

En later klop hy aan Daleen se deur:
 dit gryn 'n tandstreep wit voor hom
 en asem badparfuum in sy gesig.
 Hy korrel deur Daleen se oë en sien,
 vergroot, die leë kamer agter haar,
 die leë bed en stoel, die venster
 oop op 'n leë, meganiese nag;
 en plotseling klem hul hygend voor
 die vensterraam waarin 'n malva
 soos 'n robot straal, mekaar
 soos kinders in 'n maalstroom vas.
 Haar kamerjas gly soos vlerke van
 'n rysmier van haar skouers af
 tot op die grond.

En hy is weer
 'n seun wat in 'n boomtop staan
 en afgly aan 'n draad oor die rivier,
 afgly deur die wind met 'n vaart
 wat om die wortels van sy hare streel—
 O Jafu waar die aand 'n roosrooi
 ingewande is rondom 'n man wat ploeg,
 'n hond wat krulstert kraal toe draf,

'n mielieland wat in die sterlig ruis . . .
Maar dan jaag 'n trem deur sy beelde heen
en wis dit uit. Hy hoor koerantverkopers
roep: „Grey Death sal wen, Grey Death!”
En steier mislik na die wasbak toe.

Leeg, leeg, leeg. Dis alles leeg.
Dis soos 'n danssaal na die dans:
daar lê nog orals lekkergoedpapier
en as en sigarettestompies rond,
maar verder leeg. En uit die radio
kryt die hol stem van die Tyd:
BOKKIE ONS MOET HUIS TOE GAAN!

4

Toe stap hy in die oerwoud uit
waar blink gediertes tussen fosfor dwaal,
en hoor die mynfluit êrens van 'n voël,
gevolg deur swaar tom-toms van staal
wat kras op staal, 'n vrou wat gil.
En toe begin 'n rooi oog draai en draai
en warrel alles in sy sirkel in
'n woeste mallemeul wat vlam.
'n Reuse-geraamte galop by hom verby
met menselyke in sy verligte buik,
en uit vier hoeke van die nag
storm straaloog-diere op hom af
met flanke wat glans in die vuur.

En Harmse vlug. Harmse vlermuis
Voor neonlig en winkelruit verby.
Die hemel is 'n sirkustent vannag
En elke dier daarin loop los!
Frauja nasei unsis fraquistnam,
Maar wat beteken dit? Hy het dit eens
geken en weet dat alles stil sal word
as hy dit weer kan oopbreek tot 'n sin.
Toe steek 'n vinger teen die nag van vuur:
'n kerk, 'n rots van stilte in die storm!
En Harmse hamer teen die deur en roep:
„Ohoi! is Jy hier? As Jy vannag
nie kom nie, is dit klaar met ons!”
Maar skielik val 'n skaduwee oor hom
en langs hom staan 'n man in swart;
twee ysterhande gryp hom vas
en smyt hom in 'n vangwa in.

En dagbreek lê hy roerloos langs
 sy braaksel in 'n sel en dink:
 dit is die stad wat Jy wou red:
 vier koue mure van beton
 met 'n tralievenster teen die dak.
 Of het Jy toe al reeds gesien
 dat ons verlore is vir veld
 en bome en die diere, dat ons
 ons eie heelal het?

Maar dis

'n klein heelal, dobberend in die niet,
 en oorbevolk met ons eie maaksels
 wat maar weinig liefde vir ons het;
 en weerskant in ons poorte waak
 — twee wagte met masjiengewere —
 geboorte en dood.

Dit is die stad wat Jy wou red
 en wat Jou naam nie meer onthou:
 Die een vertel Jy lê begrawe
 in kelders van die Notre-Dame,
 die ander noem Jou camouflage
 van lafaards teen die angs; en ek,
 ek self kan Jou nog net onthou
 deur prisma's van my glas bier
 in kroeë saans. Want soggens staan
 ons tussen ratte van die denk
 en bou die stad, bou die leegtes toe
 van Jou afwesigheid, onthou ons niks.

En Ninevé bly Ninevé.

Slegs saans. Dan weet ek Jy is weg
 om die groot Buitekant te vul
 met Jou sonlig en wind en Jou soet
 geur van landerye in die aand.
 Jy loop na die weste met Jou rug op ons gekeer
 en Jou lang, swart skaduwee val oor die aarde:
 dit is die wêreldnag.
 Nag van die verlore dood in hierdie toegesweiste
 hoek van Jou heelal...

Bart Harmse huil; hy het dronkverdriet.

Leer die Volk dink

ANDRIES ALBERTS

Dit was Langenhoven se groot ideaal om die volk te leer lees. Hy was hierin die mondstuk van 'n beweging wat uit die volk self gespruit het en gevolglik algemene weerklank gevind het. Teen 1934, nou twintig jaar gelede, het ons letterkunde toe pragtige hoogtepunte bereik. Die sukses het vertroue ingeboesem, en min mense het verwag dat daar 'n terugslag mag kom.

In die laaste twintig jaar het dit egter duidelik geword dat die verwagtinge wat deur die destydse prestasie geïnspireer was, nie verwesenlik is nie. Aanvanklik was die vorm wat die teleurstelling aangeneem het van so 'n aard dat party kritici dit nie kon raaksien nie, en onlangs nog ontken het dat ons agteruitboer. Hierdie tipe kritikus het sy vinger op 'n liriese werk gelê en gesê: „Kyk, daar word definitief nog goeie liriek geskryf,” sonder egter om te verklaar hoe 'n volk, wie se beweerde Calvinistiese lewensbeskouing vir groot prosa te eng sou wees, goeie liriek kan produseer; en dit, vreemd genoeg, deur 'n groep jonger digters van wie sommiges ouderlinge is!

Die liriek is 'n integrale deel van die letterkunde as geheel, en sy beweerde meerderwaardigheid oor die epiek het ons nog 'n raaisel ryker gemaak: of 'n onderdeel gesond kan wees terwyl die geheel hopeloos krank is? Hoe dit ook sy, die agteruitgang van die afgelope twee dekades lê daarin dat die volk wat vroeër intens met die ontwikkeling van ons letterkunde saamgeleef het, onverskillig daarteenoor geraak het.

Buitendien het ons ons letterkunde teen 1934 nie as volmaak beskou nie. Ons het gemeen dat dit jonk is en derhalwe nog moet groei. Daarom het professor C. M. van den Heever met sy intrede as hoogleraar in 1933 reeds vir verdieping gepleit. Die verdieping het nooit gekom nie. Al was daar nie juis onbetwisbare agteruitgang nie, dan was daar stilstand en geen verdere vooruitgang nie. Daarom hoor ons ook vandag die hardnekkige klagte dat die volk wat Langenhoven leer lees het, nou net pornografie wil hê.

Die oorsaak van hierdie verknorsing is dat ons die volk leer lees het, maar nie leer dink het nie.

As 'n mens vandag op ons spoor terugkyk, slaan dit jou totaal dronk hoe ons so onwetenskaplik kon gewees het om 'n Afrikaanse literatuur sonder 'n Afrikaanse wysbegeerte te probeer skeep. Daar bestaan geen literatuur sonder sy respektiewelike filosofie nie.

Die menslike taal is 'n middel tot 'n doel — nie 'n doel opsigself nie. Die doel wat deur middel van die taal gedien moet word is waarheid. Hierdie waarheid gaan met skoonheid gepaard. In ons letterkunde het ons 'n instrument ontwerp wat geen funksie het nie — 'n middel wat geen doel dien nie. Dat 'n letterkunde wat afsydig van die wysbegeerte en dus onverskillig teenoor die waarheid staan, en wat by gebrek aan waarheidsdrang ook weinig skoonheid kan openbaar, sy aantrekkingskrag vir die lesers sal verloor, spreek vanself.

Dink daaraan hoe veel armer die Griekse kultuur sonder die dinkwerk van Plato en sy geesverwante sou gewees het, en wat die Duitse lettere sonder Hegel, Nietzsche en Goethe se gedagtes werd is. 'n Mens kan jou kwalik die land Frankryk sonder Voltaire, Rousseau en Zola voorstel. Dis egter nie hierdie manne, of hulle name, wat die sleutel tot kuns is nie, maar wel die gees wat hulle gedryf het en wat elke lewenskragtige volk nog altoos gekenmerk het, naamlik, die drang na waarheid en kennis wat reg en geregtigheid en algemene goedheid insluit. In ons eie land het ons iets daarvan gesien toe Shaw wat 'n toonbeeld daarvan was, ons land besoek het; en toe dr. Broome ons eie fossielskatte voor ons neuse ontdek het.

Ons was nie net ekonomies onbewus nie, maar ook wysgerig en wetenskaplik onbewus. Behalwe genl. Smuts se toepassing van die holisme op die evolusieleer, het geen Afrikaner iets tot die wysbegeerte bygedra nie. Wat ons hydrae tot die wetenskap is, weet ons nie eintlik nie, want geen kultuurleier het dit lewensbelangrik genoeg geag om dit te waardeer nie. Ons hele volk verkeer onder die salige indruk dat 'n kultuur sonder wysgerige en wetenskaplike ankers moontlik sou wees.

Om ons letterkunde nou te heroriënteer is dit nodig dat ons die volk leer dink. 'n Moeilike taak is dit gelukkig nie, want die mens is van nature daartoe geneig om te dink. Geen drang, begeerte, wil of neiging is by die mens sterker as die vurige hartstog om die waarheid lief te hê en na te spoor nie. Vir 'n kwartmiljoen jaar al het die mens hom van sy medediere onderskei deurdat hy sy brein ingespan

het om gedagtes te vorm en sy tong geofen het om daardie gedagtes in woorde te uiter. Geslagsdrange het die diere ook, skoonheid van klank en kleur waardeer hulle ook; maar om te dink, ken en kan alleen die mens. Juis daarom het hy hom aangematig om homself as die „kroon van die Skepping” te verheerlik, sy medediere se vleis te eet en hulle sy ploeg te laat trek.

Wanneer die mens deur omstandighede verhinder word om te dink, val hy nie net in voorwêreldse dierlikheid terug nie, maar nog laer af. Dis logies en psigologies dat ’n volk wat geleer is om te lees, maar verleer is om te dink, pornografie sal verkies. Dis te verwagte dat so ’n volk nog laer sal daal en verhale van moord, bedrog en verkragting, met gedrogte en misdadigers as figure, sal verswelg. Hulle kan selfs so intens met die denkbeeldige boewe van hulle leesstof saamleef dat hulle self misdadigers word; want die mens vorm nie net gedagtes nie, sy siel is vanself ’n gedagte.

Die mens is uiteraard verplig om te dink, en hy was ook dwarsdeur die eeue met ’n dors na waarheid en goedheid besiel. As dit nie so was nie, sou hy geen beskawing ontwikkel het nie. Hy sou nie eens ’n taal gehad het nie. Soos sy medediere sou hy redeloos en stom gebly het, en miskien saam met die mammoet en die sabeltand uitgesterf het.

Dis derhalwe natuurlik dat die mens bewus en onbewus na waarheid in sy letterkunde sal soek; en as hy dit nie daarin vind nie... wat sal hy dan doen? Laat ons vra: Wat sal ’n nasie doen in wie se taal die waarheid deur sy afwesigheid skitter, en in wie se snippermandjie daardie manuskripte teregkom wat nie alles wat nuut of waar is vermy om al wat oud en vals is te beaam nie?

Hierdie vraag kan beantwoord word deur te let op wat diere onder soortgelyke omstandighede doen. Beeste, byvoorbeeld, het ’n behoefte aan fosfaat en sout in hulle weiding. As die weiding fosfaat-arm en soutloos is, sal ’n bees enigiets eet: blikke, doringrade, klippe, ou lappe, en verder die bene van beeste wat reeds aan fosfaatgebrek dood is. So sterk word die gesnak na fosfaat dat hulle nie alleen wit bene vreet nie, maar selfs die vleis van dooie diere wat in die veld lê en bederf. ’n Geval is bekend waar ’n klomp beeste ’n leeu se karkas opgeëet het, terwyl normale vee by die geringste brul of reuk van ’n leeu so vervaard op die vlug slaan dat hulle alles plat trap wat in hulle pad mag wees.

Deurdadig dat die diere aas eet waarin ’n sekere virus voor-

kom, doen hulle aasvergiftiging op en vrek hulle aan lamsiekte uit, of, as hulle lewe, trek hulle rûe krom of party ledemate groei uit proporsie totdat hulle wanskape daaruit sien. Beesboere beveg die tekort deur fosfaat in soutlekke te voer of dit in die drinkwater op te los.

So doen die mens by gebrek aan waarheid in sy geestelike voedsel ook 'n geestessiekte op. Die simptome daarvan is 'n voorliefde by beroepskrywers om onwesenlike gruwelstories uit te dink en onnatuurlike boewe as tipes vir die oningewydes op te dis; verder, ekonomiese onbevoegdheid, algemene agterstandigheid en vrees — vrees vir al wat nuut is, vrees vir kritiek en publieke of kerklike opinie, maar boweal 'n ewige vrees vir al wat oud en verouderd is, maar as heilighede van primitiewe voorgeslagtes oorlewer is.

Daarom moet ons skrywers die eerste geleer word om te dink, sodat hulle in die behoefte aan waarheid kan voorsien.

Tot dusver is ons letterkunde se swakhede verskoon omdat dit jonk sou wees. Nou word dit egter duidelik dat dit oud en afgeleef is. Geen wonder nie! Ons tradisie, wat nooit getoets of gerepareer word nie, beskou tog die heela! as 'n ding wat onlangs 'n begin gehad het en binnekort 'n end sal kry, terwyl dit in werklikheid 'n ewige hede is wat van elke mens verg om in die hede te leef, en elke oomblik te dink soos hy elke oomblik asemhaal. Ja, ons veelgeprese tradisie, wat soos die wette van Mede en Perse nooit verander of herroep mag word nie, beskou die waarheid as iets doods wat afgehandel en vasgelê is, sodat elke veroorloofde gedagtetjie aan die oertyd ondergeskik, en elke ideetje aan Oosterse oorlewering gekniehalter moet bly.

Nee, ons werk is beslis nie jonk nie! Dit bevat niks van die twintigste eeu nie, nie eens van die sewentiende eeu nie. Dis ouer as die middeleeue, want uit die middeleeue is die Renaissance gebore wat ons kultuur so onverlig gelaat het asof dit op 'n eensame eiland ergens op die planeet Neptunus ontstaan het. Ons het 'n letterkunde van die verlede, ouer as die Engelse wat van eeu tot eeu herskep is en geen kans gegee is om te verstar nie, maar eerder 'n oomblikkie voor die tyd probeer beweeg, en daardeur gedurig in die realiteit van die ewige hede floreer; ouer as die Hebreuse waarvan skrywers soos Moses uit die staanspoor geweier het om onder die eeue-oue, heilige en onfeilbare gelowe van die Chaldeërs en Egiptenare te buig, en daarop aangedring het dat Israel sy eie konsepsie

van die Opperwese volgens 'n splinternuwe, monoteïstiese wêreldbeskouing moet ontwikkel — 'n beskouing wat op sy beurt deur die Nieu-Testamentiese vervang sou word.

Ons leef in 'n eeu waarin dit lewensbelangrik is om wetenskaplik te wees. Dit is onmoontlik vir 'n volk wat nie geleer het om te dink nie. Nie alleen werk elke boer vandag met masjinerie nie, nie alleen wip ons sakemanne in 'n paar uur van Jan Smutslughawe na Windhoek nie, meer as dit gebeur! Die Witwatersrand wat altyd die Achilleshiel van Transvaal was, het plotselings 'n uraanbron geword waarop die vyand graag 'n waterstofbommetjie sou wil gooi. Onwillekeurig het ons land 'n deel van 'n groter wêreld geword waarin 'n volk aan strenge vereistes moet voldoen. In hierdie wêreld ontstaan iets groots, soos kuns, slegs by volke wat hulleself op ekonomiese, wetenskaplike en wysgerige gebied kan handhaaf.

Die nasleep van twee wêreldoorloë het die soekligte van ander nasies op ons gevestig. Van ons is geëis om verantwoording te doen van die lewensbeskouing waarop ons bou. Ons het nie net aan die wêreld 'n sistematiese antwoord skuldig gebly nie, maar ook aan ons self. Ook binnelands het die grondwetkrisis die noodsaaklikheid vir 'n volk om helder te kan dink baie sterk laat uitkom. Die uitslag van die onnodige politieke stryd het bewys dat ons nog met die swaar brein van outydse Perse worstel.

Vir enige volk is dit natuurlik goed as sy burgers kan dink; maar in die stryd om die voortbestaan het 'n klein volkie dit besonder nodig. Ons sal òf met kwaliteit teen kwantiteit moet opweeg, òf van die aarde verdwyn. Gelukkig leer die sielkunde dat die gemiddelde mens slegs 'n breukie van sy potensiële persoonlikheid ontwikkel. Ons volk beskik dus oor onuitputlik geestelike reserwes.

Ondersoek na die wese van die Afrikaanse wêreldbeskouing het konsekwent die oortuiging bevestig dat elke burger sy talente tot 'n absolute maksimum behoort te ontplooi, en dat die staat elke kind tot die hoogste akademiese of professionele kwalifikasie waartoe sy intelligensie hom in staat stel, moet laat leer. Dit skuif verpligte onderwys op tot die doktorsgraad of 'n beroepsdiploma. So 'n hoë peil van verpligte onderwys sou egter ook vrugtelos wees as die volk nie geleer word om te dink nie, soos die woord „verpligte” trouens verraai. 'n Skolier wat kan dink, sou *vrywillig* studeer totdat hy honderd jaar oud is.

Ons is nie die eerste volk wat deur die brute geweld van oormagte uitgedaag word nie. Ook Griekeland en Rome

moes daarvoor swig. Maar, terwyl hulle fisies oorrumpel is, het hulle hulle oorwinnaars geestelik verower, sodat hulle invloed op die geskiedenis verewig geword is. Die onsterflike Griek was gelukkig 'n mens wat kon dink. Selfs toe Paulus hulle in 'n tydperk van die uiterste verval tot 'n vreemde godsdiens bekeer, het hulle hulle eie denkers die grondslag van die nuwe leer gemaak en dit daardeur vir die hele Europa tydelik aanvaarbaar gemaak.

As dit ons professore regtig erns met ons kuns is, kan hulle dit maklik red deur eenvoudig een van die lektore met die spesiale taak te belas om die studente van die departement te leer dink. So 'n dosent sou nie net 'n interessante taak hê nie, maar ook 'n maklike. Sy werk sou outomaties dié van sy kollegas rugsteun deurdat hulle dan met studente sou werk wat nie die dooie gedagtes van oorledenes in die eksamens sou herhaal nie. Omdat daar onder hierdie studente aspirant-onderwysers, -skrywers en -politici is, sal hulle die hele volk ten goede beïnvloed.

Dat ons studente sedert die middeleeue, waarvan die duisternis vandag nog aan ons universiteite voortwoeker, in 'n doolhof van uitgediende dogmas verval het wat die brein totaal verlam het, die gees afgestomp en die siel verslaaf het, vorm nie 'n onoorkoomlike struikelblok nie. Die mees verslaafde student kan bevry word deur hom reguit te sê dat hy voortaan geen eersteklas met sy hoogleraar se idees sal kan behaal nie. Dit sal terloops ook ons professore van die blaam onthef dat hulle jaarliks 'n paar eersteklasse aan hulleself toeken, omdat hulle met Goethe ervaar hoe heerlijk dit is om jou eie gedagtes uit die monde van ander te hoor.

Die allerdomste kritikus wat miskien besig is om Leipoldt se rymklanke te tel en met logaritmes te bereken hoeveel kombinasies daarvan moontlik is, die soort akademikus wat net kwotasies en parafrases versamel om sy graad te verwerf en daarna nooit enige oorspronklike navorsingswerk wat sy titel mag regverdig te onderneem nie, selfs hy kan geleer word om te dink, selfs as hy kritieke skrywe. Van normale, intelligente wesens praat ons nie eens nie. As hulle net geweet het dat hulle die morele reg daarop het, en dat hulle nie daarvoor in die hel gemartel sal word nie, of as kettters uit die sinagoge gesmyt sal word nie, sou hulle vanself gedink het.

Wat is dan makliker as om 'n universiteitstudent aan te moedig om sy plig teenoor homself, teenoor sy nasie en teenoor sy God na te kom deur sy aangebore en godbevole liefde vir die waarheid die teuels te gee? En wat is nodiger

as juis dit: om van die toekomstige meesters, leermeesters en bestierders van die land volwaardige mense te maak?

Onlangs is die name van vier digters en een digteres genoem en is beweer dat hulle liriek dan van so 'n hoë gehalte is dat dit onvergelykbaar ver bokant al ons prosa staan. Nie een van die vyf wat daardeur tot die grootste kunstenaars van Suid-Afrika verklaar word, het dan noemenswaardige prosa geskryf nie. Sulke eensydigheid by die vyf grootstes tegelyk is 'n verskynsel sonder weerga in die wêreldliteratuur. Ook dit kan daaraan toegeskryf word dat ons volk nog nie geleer het om te dink nie, want die liriek is weens sy persoonlike, private, duistere en onsamehangende aard nie alleen 'n gerieflike skuilplek vir kleiner kunstenaars nie, maar ook 'n toevlugsoord vir groteres wanneer hulle bewus of onbewus voel dat hulle nie openlik met die waarheid kan of mag uitkom nie. Soms kan hulle nie, omdat hulle nie stelselmatig kan dink nie; soms mag hulle nie, omdat die uitgewers se godsdienst of geldbelange dit belet.

Ons redakteurs en uitgewers het in die verlede bewus of onbewus 'n ideologiese sensuur toegepas wat die openlike beoefening van die waarheid deels in die kiem gesmoor, deels doodgedruk en deels in die liriek ingedryf het. Lees ons letterkundige kritieke met hulle matelose ophemeling of ploertige beledigings en skimpe, en die gebrek aan gedagte, aan 'n wysgerige ondersoek spring dadelik in die oog.

Die stryd is egter byna gewonne. In die eerste plek kan ons nou, as die resultaat van werk wat in stilte gedoen is, vir die jong prosaïst van die toekoms 'n deurdagte wêreld-beskouing voorhou waarop hy sy eie kan baseer. In die tweede plek het die vernedering waarin ons leesstof gedompel is, en die belediging wat ons baanbrekers moes verduur, elke regskepe Afrikaner laat besef dat daar iets radikaals verkeerd is en dat daar ernstig na 'n oplossing gesoek moet word.

As elkeen van ons sy eiesinnigheid, sy eiewaan en sy eiewysheid met vyftig persent wil verminder, en ons sit almal saam eerlik en nederig die skouer aan die wiel, behoort ons ons taal binne tien jaar in ere herstel te hê — mits ons leer om nie een enkele Afrikaner se bydrae te versmaai of te minag nie, en om geen enkele digter of denker die reg op die beoefening van sy moedertaal te ontnem omdat hy nie aan ons kerk, ons bygeloof, ons dogma, ons tradisie, ons obsessie, ons provinsie, ons genre, ons klik, ons seksie of ons sekte behoort nie.

Om nou 'n uitvoerbare wenk vir die eerste stap te gee, stel ek die wenslikheid dat daar aan een van ons universiteite 'n leerstoel vir Afrikaanse wysbegeerte geskep word, sodat dit die voortou kan neem in 'n poging om die volk te leer dink. Dis die regte en die enigste oplossing van ons vraagstuk. Die salaris van een man is nie 'n finansiële onmoontlikheid nie. Dis beslis nie 'n groot prys om vir die geluk, die eer en die voortbestaan van 'n merkwaardige volk te betaal nie.

Jan Schepens

KWATRIJNEN

VERLANGEN NAAR DE OVERLEDEN MOEDER

Vroeger heb ik nooit bijster lang aan U gedacht;
maar nu ik veertig ben, verschijnt ge in mijn nacht.
Kondt gij thans wérkelijk in lèven vóór mij staan,
ik zou voor U te voet naar Rome of Mekka gaan.

MADONNA VAN MEMLING

Engelen zingen. Muziekszachte wind
Kronkelt om haar troon een hemelsblauw lint.
In gouden droom verhevigd en verloren,
wiegt de Maagd Maria haar vroegwijs Kind.

DROOMAVONTUUR

Drijven op 't water van de slaap...
Wij naderen de laatste kaap.
Vaarwel aan bergen, bronnen, bomen...
Ik blijf je dromendronken knaap.

VENUS

In uren dat ik lig te waken
zie ik Uw koele droomgestalte.
Godin, die ik niet aan kan raken,
Uw verre glimlach is m'een baken.

WACHTENDE VROUW

Zij zit te wachten op haar heer-en-knecht
en heeft de handen in de schoot gelegd.
Zij huivert al bij 't horen van zijn stappen
en weegt haar plichten af tegen zijn recht.

BERUSTING

't Leven: zwerven van de Nacht tot het Niet.
We zwijgen peinzend, of fluiten een lied.
Slechts enkele vreugden: bergen en bogen,
sluiten van ogen en ruisen van riet.

DETERMINISME

Hij zei me: — Ga, zodra je kunt!
Hij zelf vertrok naar verre landen.
Na jaren is zijn haar verdund
en komt hij weer op 'tzelfde punt.

MOMENT VAN GEWELD

Zo'n rustig en zo'n leeg bestaan.
Men zag hem voor een „burger” aan.
Inééns heeft ook zijn grond gebeefd:
Hij werd een ziedende vulkaan.

Gedagtes

deur

GIACOMO LEOPARDI

(Uit die Italiaanse vertaal deur F. P. van der Merwe)

I

Ek het lank geweier om te glo dat die dinge wat ek hieronder sê, waar is. Afgesien daarvan dat dit glad nie met my geaardheid strook nie en 'n mens altyd geneig is om ander volgens jouself te beoordeel, was ek nooit geneig om ander te haat nie, maar om my naaste lief te hê. In die jongste tyd het my eie ondervinding my byna gewelddadig daarvan oortuig en ek is seker dat die lesers wat baie en op verskillende maniere met die mens te doen gehad het, sal toegee dat die dinge wat ek op die punt staan om te sê, waar is. Al die ander sal dit as oordrewe beskou, totdat ondervinding hulle dit met hulle eie oë sal leer waarneem, d.w.s. as hulle ooit die geleentheid kry om die menslike maatskappy uit eie ondervinding te leer ken.

Ek wil beweer dat die wêreld 'n bond van die skurke teen die goeie mense is, van die laaghartiges teen die grootmoediges. As twee of meer skurke mekaar vir die eerste keer teenkom, herken hulle mekaar maklik en asof daar geheime tekens onder hulle bestaan vir dit wat hulle is. Hulle kom ook gou oor die weg, en selfs as hulle belange dit nie toelaat nie, sal hulle mekaar gewis nog toegeneë wees en eerbiedig. As 'n skurk met ander skurke te doen het, gebeur dit baie dikwels dat hy hulle eerlik behandel en nie bedrieg nie. Het hy met eerlike mense te doen, kan hy onmoontlik betroubaar teenoor hulle wees, ja, as die geleentheid hom enigsins voordoet, sal hy probeer om hulle te verwoes, selfs al is dit mense wat moedig is en in staat om hulle te wreek, omdat hy hoop (soos dit hom byna altyd geluk) om hulle moedigheid met sy bedrog te bowe te kom. Ek het dikwels al gesien dat baie bang mense wat hulle tussen 'n skurk wat banger as hulle is en 'n moedige regskape mens bevind, uit vrees die kant van die skurk kies. Dit gebeur altyd as gewone mense hulle in sulke omstandighede bevind, omdat die weë van die regskape en moedige man bekend en eenvoudig is en dié van die skurk duister en oneindig uiteenlopend. Soos almal weet,

boesem die bekende weë minder vrees in as die onbekendes. 'n Mens kan maklik op jou hoede wees teen die wraak van goeie mense, teen wie die einste vrees en lafhartigheid jou beskerm, maar geen vrees en geen lafhartigheid is genoeg om jou te beskerm teen geheime vervolging, agterbaksheid en selfs teen die openlike slae wat gemene vyande jou toedien nie. In die gewone lewe word werklike moed oor die algemeen baie selde gevrees. Omdat dit ontbloom is van alle bedrog, het dit ook nie die eienskappe wat dinge skrikwekkend maak nie en dikwels wil mense ook nie glo dat jy die moed het nie. Die skurke word ook as moediges gevrees omdat hulle uit hoofde van hul bedrog as sodanig beskou word.

Arm skurke is seldsaam, want, afgesien van alle ander dinge, help niemand die goeie man as hy in armoede verval nie. Baie verheug hulle wel daaroor. Maar as 'n skurk arm word, staan die hele stad op om hom te help. Die redes daarvoor kan 'n mans maklik insien: ons trek ons die lot van ons maats en geesgenote aan, want ons beskou dit as soveel bedreigings van onself. Daarom help ons graag in sulke gevalle as ons kan. As ons so 'n skurk in die steek laat, dui dit alte helder op 'n toestemming in ons eie harte dat dieselfde in 'n soortgelyke geval aan ons gedoen kan word. Die skurke wat in die meerderheid is en oor meer aardse middele beskik, hou die een die ander, ook dié wat hulle nie eers van sien ken nie, vir vriende en daarom ag hulle dit hulle plig om in noodgevalle mekaar uit hoofde van die bondgenootskap te help. Vir hulle lyk dit ook soos 'n skande as iemand wat as skurk bekend staan, in ellende verkeer. In die oë van die wêreld, wat, as dit op woorde aankom, 'n vereerder van die goeie is, word hierdie ellende in sulke gevalle maklik straf vir jou sonde genoem, iets wat vir almal op skande kan uitloop of skade tot gevolg kan hê. Maar in die verwydering van hierdie skande gaan hulle so doeltreffend te werk, dat jy min gevalle kry waar skurke wat in ellende verval het (ek praat natuurlik nie van heeltemal onbekende en onbeduidende persone nie) nie weer op die been kan kom nie.

Omdat hulle van die gewone soort afwyk, word die goeie en grootmoedige mense daarenteen deur die skurke amper as wesens van 'n ander aard beskou en gevolglik word hulle nie alleen as vriende en kamerade aangeneem nie, maar word hulle behandel asof hulle nie op die sosiale regte kan aanspraak maak nie. Daarom word hulle in meerdere of mindere mate vervolgd na gelang van die gemeenheid van

die volk of tyd waarin hulle toevallig leef. Soos dit in diere se liggame die geval is, is die natuur altyd geneig om hom van die vogte en dinge te suiwer wat nie ooreenstem met sy samestellende eienskappe nie. In 'n versameling van baie mense probeer dieselfde natuurlike werking om wie ook al baie van die algemene verskil, veral as sodanige verskil ook in stryd daarmee is, met alle middele te vernietig en te verwyder. Goeie en grootmoedige mense word oor die algemeen ook gehaat omdat hul opreg is en dinge by hulle naam noem. Dit is 'n sonde wat nie deur die menslike geslag vergewe word nie, want die mens haat die kwaaddoener of die kwaad self nooit soos dié wat dit noem nie, sodat diegene wat kwaad doen soms rykdom, eer en mag insamel, terwyl dié wat dit noem, galg toe gesleep word, want die mens is bereidwillig om enigiets onder 'n ander of die noodlot te verduur, solank dit hom net in woorde gespaar

XX

Net soos Cervantes Spanje van die nagemaakte dolende ridders gesuiwer het, sou ek, as ek sy talent gehad het, ook 'n boek geskryf het om Italië, nee, die hele beskaafde wêreld, te verlos van 'n euwel, wat, gedagtig aan die sagmoedigheid van hedendaagse gebruike, en miskien in alle ander opsigte, nie minder wreed of barbaars is as enige oorblyfsel van die Middeleeuse wreedheid wat deur Cervantes kasty is nie. Ek praat van die euwel om jou eie geskrifte aan ander voor te lees of voor te dra, wat weliswaar in die gryse verlede ook voorgekom het, maar toe 'n uitstaanbare ellende was omdat dit selde nodig was om dit te verduur. Vandag skryf almal egter en omdat dit moeilik is om iemand teen te kom wat nie 'n skrywer is nie, het dit 'n kastyding, 'n openbare ramp en 'n nuwe foltering vir die menslike geslag geword. En dit is geen grap nie, maar die waarheid, as ek sê dat jou kennisse verdag en jou vriende gevaarlik geword het en dat 'n mens gedurig vrees dat hulle jou sommer hier aanval en onderwerp of so nie na 'n ander plek meesleur om daar onderwerp te word aan die marteling om eidelose prosastukke of duisende verse aan te hoor, nie meer onder die voorwendsel dat hulle jou oordeel wil verneem nie, wat vroeër lank as verskoning vir sodanige voordragte aangevoer is, maar eenvoudig en uitdruklik om, afgesien van die nodige lof aan die einde, die skrywer genot te verskaf deur te luister. Ek glo werklik dat min dinge so duidelik soos hierdie voorlesery van jou eie werk laat blyk: enersyds hoe kinderagtig die menslike natuur is en hoe uiters blind

en selfs onnosel eieliefde 'n mens kan maak, andersyds in welke mate 'n mens se verstand jouself kan mislei. Want hoewel almal uit eie ondervinding pynlik bewus is van die onuitspreeklike foltering wat dit is om altyd na ander se geskrifte te luister, hoewel ons die mense sien skrik en bleek word as ons hulle vra om te kom luister, hoewel ons sien dat hulle allerhande uitvlugte maak om verlos te word en verskonings aan te voer, of selfs vlug om so goed as moontlik weg te kruip, nietemin soek en agtervolg ons ons prooi met onbeskaamde hardnekkigheid en met die wonderbaarlike volharding van 'n uitgehongerde beer dwarsdeur die stad en sodra ons hom vind, word hy na sy plek van bestemming gesleep. En onder die voorlees merk jy eers aan die gape, dan aan die uittrekkery, aan die gerondkyk en aan 'n honderd ander tekens watter dodelike pyniging dit vir die toehoorder is, maar dit laat jou nie ophou of hom 'n blaaskans gee nie. Inteendeel: nou begin jy eers hardnekkig en verwoed, ure aaneen, ja, selfs dae lank en nagte deur, deklameer en skreeu jy totdat jy hees is en totdat jy self uitgeput voel, maar nie versadig nie, hoewel die toehoorder al lankal halfdood is. Dit staan vas dat jy onder die lees en die marteling waaraan jy jou naaste onderwerp, byna 'n hemelse en bomenslike genot smaak, want jy sien mense ter wille van hierdie vreugde afsien van alle genieginge, kos en slaap vergeet, en dat hulle die lewe en die wêreld uit die oog verloor. En hierdie plesier smaak jy in die vaste geloof dat jy die bewondering wek van en vreugde skenk aan diegene wat luister, want anders sou jy dieselfde genot geput het uit die voorlees van jou werk aan 'n woestyn.

Soos ek gesê het: wat die plesier is van diegene wat hoor (ek gebruik voorbedagtelik „hoor” en nie „luister” nie) weet almal uit eie ondervinding en diegene wat lees, sien dit. Ek weet ook dat baie mense swaar lyfstraf bo so'n plesier sal verkies. Selfs die mooiste en die verdienstelike werke word so vervelig dat 'n mens daarvan kan sterf as die skrywer dit begin voorlees. In dié verband het 'n vriend van my, 'n filoloog, opgemerk dat as dit waar is dat Octavia flou geval het terwyl Vergilius besig was om die sesde boek van sy Aenëide aan haar voor te lees, daar aangeneem kan word dat dit nie soseer vanweë die herinnering aan haar seun Marcellus was, soos hulle sê, as deur die verveling om iemand sy werk te hoor voorlees nie.

So is die mens. En hierdie euwel wat ek so barbaars, so belaglik en so teenstrydig met die redelike in die mens noem,

is waarlik 'n siekte van die menslike geslag, want daar is geen nog so fyn beskaafde nasie of menslike staat of eeu wat nie hierdie plaag gemeen het nie. Italianers, Franse, Engelse, Duitsers, bejaarde mense, mense wat uiters verstandig is ten opsigte van ander dinge, vindingryk en geeskragtig, manne wat die maatskaplike lewe grondig ken, wat onberispelik in hul gedrag is, wat lief is om die lamlendige dinge van die lewe waar te neem en te bespot, hulle almal word wreedaardige kinders as hulle hulle geskifte begin voorlees. En soos die euwel in ons dae bestaan, so was dit in Horatius s'n, want vir hom was dit ook al ondraaglik. Vir Martialus moes dit ook reeds so gewees het, want toe iemand hom gevra het waarom hy nie sy verse aan ander voorlees nie, het hy geantwoord: „Om joune nie te hoor nie.” Sò was dit reeds in die Goue Eeu van Griekeland toe die siniese Diogenes, na hulle beweer, saam met 'n klomp ander halfdood van verveling, na 'n voorlesing geluister het. Toe hy die wit papier aan die einde van die boek in die hande van die skrywer sien, het hy uitgeroep: „Hou moed, kêrels! Ek sien land!”

Maar vandag het dit so ver gevorder dat die toehoorders, ook dié wat gedwing word, beswaarlik in die skrywers se behoefte aan hulle kan voorsien. Daarom het 'n paar van my vriende, almal vlytige manne, nadat hulle hierdie saak oorweeg het en aangesien hulle daarvan oortuig is dat die voorlees van jou eie werk een van die behoeftes van die menslike natuur is, daaraan gedink om daarvoor voorsiening te maak en om dit terselfdertyd, soos met alle openbare behoeftes die geval is, ten voordele van individue aan te wend. Met dié doel sal hulle, om kort te gaan, 'n skool of akademie of toehoordersatheneum stig, waar hulle of persone deur hulle besoldig, enige uur van die dag of nag sal luister na al wie wil voorlees en dit teen die volgende vasgestelde pryse: As jy na prosa luister, kry jy vir die eerste uur een daalder, vir die tweede twee, vir die derde vier, vir die vierde agt, ensovoorts. Die gelde vir poësie sal twee keer soveel wees. Vir elke gelese stukkie wat jy, soos soms gebeur, wil oorlees, moet jy 'n lire per vers betaal. As die toehoorder aan die slaap raak, sal 'n derde van die verskuldigde bedrag aan die leser terugbetaal word of sal hy nie nodig hê om hierdie derde te betaal nie. Vir stuiptrekkings, floutes of ander aandoeninge, lig of ernstig, wat die een of ander kan oorval, sal die skool voorsien wees van lewensessens of medisyne wat gratis aan die genoemde pasiënte verskaf sal word. Deur sodoende iets wat tot

dusver nie vrugdraend was nie, nl. 'n mens se ore, winsgewend te maak, sal 'n nuwe weg vir die nywerheid gebaan word, tot vergroting van die openbare rykdom.

XII

Hoewel hulle niks daardeur verloor nie, vind diegene wat iets goeds deur swoeg en swaarkry verwerf het, of net deur lank te wag, dit natuurlik uiters weersinswekkend as iemand anders dieselfde dinge maklik en vinnig verkry, omdat die verworwe gewin oormatig klein word as jy dit met iemand deel wat dit met weinig of geen moeite of verdriet verwerf het nie. Daarom kla die werker in die Evangeliese gelykenis asof hy persoonlik veronreg is toe daar aan die ander wat minder as hy gedoen het, net soveel as aan hom betaal is en behandel die monnike van sekere ordes die nuweling gewoonlyk so streng as moontlik uit vrees dat die jonges die posisie maklik kan bereik wat hulle (die oues) met moeite verwerf het.

XXIV

Of ek begaan 'n fout of jy kom selde iemand teen wat baie geprys word wie se lof nie in sy eie mond begin het nie. Die mense is so egoïsties, so afgunstig en haatdraend teenoor mekaar, dat jy nie net prysenswaardige dinge moet doen as jy 'n naam wil verwerf nie, maar dit ook moet opvysel of iemand moet vind, wat op dieselfde neerkom, om dit voortdurend te verkondig, te vergroot en in die publiek se ore uit te basuin, sodat die mense sowel deur sy voorbeeld as deur sy vermetelheid en volharding gedwing kan word om die lof gedeeltelik te herhaal. Moenie vir een oomblik dink dat jy deur die verdienstelikheid wat jy aan die dag lê of deur voortreflike werk spontaan opspraak sal verwek nie. Hulle sal dit sien en ewig verswyg en as dit maar net in hulle vermoë is, sal hulle verhinder dat ander dit sien. Wie vooruitgang wil maak, al is dit ook deur ware verdienste, moet beskeidenheid van hom afwerp. In hierdie opsig is die wêreld ook soos vroue: met skugterheid en beskeidenheid verkry jy niks van hom nie.

XXIX

Geen beroep betaal so sleg soos dié van die letterkunde nie. Maar bedrog vermag soveel in die wêreld dat selfs die letterkunde met behulp daarvan betalend word. Bedrog is die siel van die maatskaplike lewe, om dit so uit te druk, en 'n kuns waarsonder werklik geen kuns of bekwaamheid volmaak is nie, as 'n mens dink aan die uitwerking

daarvan op jou gees. As jy ondersoek instel na die posisie van twee persone, die een verdienstelik, op watter gebied ook al, en die ander 'n bluffer, sal jy bevind dat laaggenoemde veel beter as eersgenoemde daaraan toe is. Meestal sal dit blyk dat dit met die tweede voor die wind gaan en dat die eerste sukkel. Bedrog help en maak 'n indruk ook sonder die waarheid, maar die waarheid kan niks sonder bedrog uitrig nie. Ek meen nie dat dit voortvloei uit 'n perverse neiging van ons geslag nie. Ek sou eerder sê dat aangesien die waarheid altyd te bleek en gebrekkig is, illusie en misleiding en dus 'n belofte van veel meer en beter dinge as wat gegee kan word, in alle gevalle deels nodig is om die mens te verheug of te imponeer. Die natuur self pleeg bedrog teenoor die mens en maak die lewe hoofsaaklik deur middel van jou verbeelding en illusie vir jou aangenaam of draaglik.

LVII

Die mens skaam hom nie oor die leed wat hy ander aandoen nie, maar wel oor die leed wat ander hom aandoen. Daarom is daar geen ander manier om die beledigers met beskaamde aangesig te laat staan as om hulle met gelyke munt terug te betaal nie.

LXIV

Die kunstenaar of wetenskaplike of beoefenaar van welke beroep ook al wat homself vergelyk, nie met ander beoefenaars van dieselfde kuns nie, maar met die kuns self, se dunk is des te geringer van homself hoe voortrefliker hy op sy gebied is: omdat hy die diepte daarvan beter ken, laat dit hom sy geringheid in vergelyking daarmee beter insien. Daarom is byna al die groot manne beskeie, omdat hulle hulle voortdurend vergelyk, nie met die ander nie, maar met daardie denkbeeld van die volmaakte wat hulle voor die gees sweef — oneindig helderder en groter as die gewone mens s'n — en hulle besef hoe ver hulle nog van die ideaal af is, terwyl die volksmense maklik reken dat hulle nie alleen die idee van die volmaakte in hulle geeste bereik het nie, maar self oortref het, en soms is dit werklik die geval.

LXIII

Die dunk wat die kunstenaar van sy kuns het of die wetenskaplike van sy wetenskap, is gewoonlik na verhouding net die teenoorgestelde van wat hy van sy eie waarde op dié besondere gebied het.

Anna Hollenbach

TAAK

U het aan my 'n taak gestel,
of is dit maar my waan?
Hoe kan ek U bevel
gehoorsaam, as ek nie verstaan?

Hoe sal ek voor u aangesig
hiernamaals kan verskyn?
U, U is wonderklare lig
en ek is so onrein.

Soms was my oë blink van lig,
maar ek het hul gesluit —
voor elke onweerswolk het ek geswig
en my laat stuit.

En nou? Ja, dit is wat my kwel,
dat ek nie kan verstaan:
het U aan my 'n taak gestel,
of is dit maar my waan?

SIKLUS

I. DWAALSPoor

Ons jaag en soek so naorstiglik
na goud en geld en roem:
wee jou, verdwaalde mensekind,
jy is alreeds verdoem!

II. FATALIS

Waarom sal ek my dan nog steur
aan wat die wêreld sê?
Wat daar ook al met my gebeur
is vooraf vasgelê.

III. OPSTANDIGE

Hoe lank gaan U ons straf
oor Eva en die slang?
Die nasmaak van die appel, wrang
en bitter, bly tot by die graf.

IV. IDEALIS

Die dieper geestelike waardes gaan verlore —
ons hoor nie meer die engelekore
wat Kersnag bly die boodskap bring:
die Christus is gebore!

V. CUL-DE-SAC

Hoe ver het ons reeds afgedwaal
op soek na rykdom, prag en praal;
en soos 'n Israel van ouds
buig ons ons knieë voor 'n Baäl.

O LEI MY

Hoe lank is dit dat ek reeds swyg,
hoewel ek vuriglik verlang
al my gedagtes te omskep in sang,
om hul soos pêrels in te ryg
en om jou hals te hang?

En kon geen woorde vind,
omdat ek my laat bind
het deur my eie vrees —
nou sal ek nie meer skugter wees,
maar sonder om weer terug te kyk
die bergspits in triomf bereik...
O lei my, Grote Gees!

Martinus Lourens de Villiers
(1885—1955)

JAN BOUWS

Die naam De Villiers het vir elke Suid-Afrikaanse musiek-liefhebber dieselfde vertroude klank as die c-e-g-tone van die akkoord van C majeur: in die jare van die Eerste Taal-beweging was daar Jan Orrelis en Rocco de Villiers en later Rocco se seun prof. P. K. de Villiers wat met hulle komposisies, orrelspel en musiekopleiding hulle positiewe bydrae tot die musieklewe in Suid-Afrika gelewer het. Die komponis van *Die Stem van Suid-Afrika*, ds. M. L. de Villiers, was in die twintigerjare soos die waardevolle oktaaftoon wat die volheid van dié grondakkoord kom versterk.

Martinus Lourens de Villiers (geb. 31 Aug. 1885, Paarl) het naas sy opleiding tot onderwyser en later tot predikant, van die staanspoor uit lesse in verskillende musiekvakke gehad. Al vroeg het hy gekomponeer, aanvanklik nog in Nederlands. So is die Passie-koor *Zijt Gij de Koning der Joden?* — uit die eerste dekade van ons eeu — nog op 'n eie Nederlandse teks gekomponeer. Die Tweede Taal-beweging lewer hom egter 'n keur van geskikte Afrikaanse liedertekste en wel van Totius, Wassenaar, Langenhoven, later van I. D. du Plessis, Keet, A. G. Visser, H. A. Fagan, Jandrell e.a. Maar die meeste tekste vind hy by Celliers. Versreëls soos

„Komaan! Daar's 'n nasie te lei,”

en die reëls uit *Dit daag al oweral*:

„O lied, vertolk
ons hart se vreug
oor taal en volk
se frisse jeug.”

het die rigsnoer van De Villiers se strewe geword. Hy voel dat hy 'n sending moet vervul. Hy moet sy volk die juiste pad na 'n eie, 'n nasionale musiek wys. 'n Tradisie, soos by ander volke, het ontbreek. „Hoe verlang ons na die rye van groot manne in die toonkuns op wie *ons* kan aanspraak maak en *vir ons* dan sou voorberei het. (. . .) 'n Mens voel innig behoefte aan afkoms, aan herkoms, aan eeue-oue eie musikale hereditieit!”

Hy het uitgegaan van die veronderstelling dat die lied die grondslag vir „egte nasionale musiek” moes wees en by gebrek aan eie voorgangers sy voorbeelde gesoek in die liedkuns van Schubert, Schumann en Brahms. Hy waarsku teen die blinde navolging van genieë, maar wel wys hy op die strenge eise van eenheid tussen woord en musiek en eenheid in die stuk self. In verskillende stukke in *Die Huisgenoot* kom hy hierop terug: „Die stem moet die atmosfeer, die begeleiding, die beskrywing lewer. (...) Die musiek moet rekening hou met die plan en strekking van die gedig as 'n geheel.”

Soos die 19e eeuse komponiste van nasionale musiek wend hy hom ook na die volksmusiek en is liedjies soos „Vat jou goed en trek, Ferreira,” „Hoe ry die Boere sit-sit só” en „Ai, ai, die witborskraai” eg-Afrikaanse boustowwe vir hom.

Vir M. L. de Villiers moes die ware Afrikaanse lied iets van binne uit wees: „nie van bo op nie, waaragtig uit die volksgees ontwikkel; nie aangeplak nie; natuurlik (in die diepste sin); nie kunsmatig nie; aangeblaas deur die gloed van egte, digterlike vuur; nie yskoud saamgestel in 'n koelkamer van konstruksie — of aanpassing nie.” In hoever het hy self aan al daardie streng eise voldoen? As komponis was hy geen vinder van besonder skone melodieë of interessante klankkombinasies nie. Sy impulsiewe, improviserende natuur mis die dissipline, sy aandag vir elke detail en oordrewe voorkeur vir gepunteerde ritmes verstoor die eenheid en rus in sy musiek. Vergeleke met gelyksoortige figure in Vlaandere en Noord-Nederland, soos Emiel Hullebroeck en J. P. Wierds, is hy die mindere. Dit wil nie sê dat daar onder sy talryke liedere geen geslaagde komposisie sou wees nie. Merkwaardig genoeg vind ons by De Villiers, wat blykens sy verskillende bundels nasionale liedere 'n spesiale voorkeur daarvoor moet hê, sy suiwerste werk in sy gewone stemmingsliedere soos *Rus en Stilte* op woorde van I. D. du Plessis, of *Sterrelig* op woorde van Vera Nicholls, waar hy bekoor deur 'n opregte, suiwer aangevoelde stemming.

Tog sal sy naam die langste bly voortleef juis deur een nasionale lied, *Die Stem van Suid-Afrika*, omdat hy daar self voldoen het aan sy eis, dat „komponis en digter in die tyd van bewerking” een sou wees. „Hoe innig-diep,” sê hy in daardie beskouing, „hoe innig-diep kan nie die Afrikaanse komponis hom vereenselwig met die moedertaalwoorde van sy moedertaaldigters nie as hulle sing van die land van vader en van moeder?”

André Demedts

BEZOEK AAN AERVELDT

voor Prof. Dr. Abel Coetzee

De kersebomen zijn verdwenen,
de ahornen staan er niet meer;
uit is de sneeuwval der bloesems,
verstomd van de roestbruine blaren
het lieve lied van weleer.

Daar was een plekje aan de gevel
en een klad zon op de muur,
daar stonden wij soms, nevens elkander,
's zomers, in het avonduur.
Als ik er nu aan voorbijloop
en op de verweerde stenen tuur,
is het altijd alsof er een schaduw zou zijn,
vaders trouwhartige schaduw,
alleen, op die muur.

Met hem is zijn vader verdwenen,
de schaduw waarop hij keek,
ik kan evenmin de zijne verlenen
dat zij blijft, als een teken,
geruststellende troost op de wand.
Als mijn ogen worden gesloten,
voorgoed, door een andere hand,
zullen anderen staan in de schijn
van zomer en zon aan de muur,
maar van het beeld dat er altijd geweest is,
zal er dan geen schaduw meer zijn.

Ik heb Aerveldt verlaten,
de kersebomen verloren hun zin,
de ahornen verloren hun lover,
terwijl ik ging, de wereld in.
Niemand had hart voor de herinneringen
aan het verleden, dat de toekomst gebiedt;
niemand keek op naar de sneeuw Witte tover,

niemand zong mee met het lied.
Van al wat voorbijging het enig gewin,
het schoon zijn door bloeien en zingen,
werd, de met vaders en zonen
sinds eeuwen vergroeide dingen,
voor de komende tijden te min.

Een verbond werd eenzijdig verbroken,
een bestemming bleef onvervuld,
nu staat in de schaduw gedoken,
verlaten in het avondlijk uur,
iemand, beklemd door zijn schuld,
vergeefs en ontzind aan die muur.

Eliz. C. M. du Toit

LELIE EN ROOS

Wit, onderkant
die silwer maan
dryf die lelie
op die water aan.

Die rooi roos, swart
aan sy doringstam.
dryf in sy geure
bokant die dam.

O, kelke vol
van manelig!
Wat droom elke
blomgesig?

Wát is die droom
van die rosetuin,
van die lelie wat
op die water dein?

OP DIE LAAGSTE VLOER

Ver benede
hierdie lewe
af met 'n spiraal,
moet ek somtyds
in my drome
deur die dieptes daal.

Val deur sluier
op dowwe sluier
tot die donker see
wie se diep
vergetelheid
weer genesing gee.

Agter al
my dae voel
ek háár getye roer;
veraf golwing,
van haar strome
oor my laagste vloer.

In die dag het
ek haar see
se donker vloed vergeet;
soos seemis yl
herinnering —
wat het ek dáár geweet?

Maar warm in
my are stoot
haar strome, rooi en sterk:
diep begeerte
en verlange,
wat ek uit moet werk.

DIE SKIPPIE

Oor 'n donker oseaan
is 'n skip op vlug:
dit swewe soos 'n seevoël
tussen see en lug,

hang soos 'n planeet
tussen die sterrehemel
en die spieël van die see
waarbinne sterre wemel...

O, diep soos daardie hemel self
is die duister see,
vol geheimnis, wat geen antwoord
op die soeking gee!

En die klein ou skippie
word 'n droom wat deur
die golwende bewegings
van 'n heelal beur!

Dit stoot sirkels van
verlange rondom uit,
wat, t'rug uit die misterie,
weer as sirkel sluit;

en as skuim kom neersyg
om die dromehoof;
vorm-neem as gedagte
aan wat die droom beloof:

gedagte aan 'n oord
wat sonder grense lê,
waar niks van tyd is, niks van plek,
mens net kan drome hê...

O, en gedagte sélf versmelt
tot lug en water daar,
waaroor die silwer skip van siel
temidde sterre vaar!

J. Nel van der Merwe

VLAANDERE

Die carillonne
tower klinkende rosekranse
uit die ure.

Geboë oor die reie
bid die brúe deur die eeue...

LEWE EN DOOD

Tyd word hier geweef uit
wat ons altyd was en weer
sal wees. Die wit en swart ruit
vloei van die spinwiel sonder keer.

MECHLIN

'n Lied is gebore in die St Romboutstoring
aan die Dele, ... en nou beier dit oor
jou verknegde vlaktes heen: O Brabant, hoor...
dis jou vrye Vlaamse siel wat sing.

KENSINGTON

Londen

'n Skadu met 'n rimpelgesig
swaai 'n stok waarmee hy toor:
uit die skeemring blits die lig,
en trosse gasliggies gloor

van agter bolle newelglas.
Kersbome spring in 'n ry,
langs Peter Pan op die gras.
Die sprokiesboek vou sy

bedoude blaaië oop aan wolk en maan,
onder hemel, ster en straal.
Aan dinge wat in hulle stilte staan
vertel die nag sy ou verhaal.

P. Blum

DIE KRANKSINNIGE

„Interessante geval, dié,” sê die psigiater en wys hom aan, „hy dink hy is 'n heilige: dikwels sit hy die ander aan die skater, maar laat hom daardeur nie kwel nie. Hy is veilige geselskap. Sy klomp maats is almal kwater. Doodvreedsaam — jy sal sien.” Half-medelyend, half-spottend spreek hy die sielsieke aan: „goeiedag, Rabboni, nog tevrede?”

Swyend

Kyk dié terug asof hy niks verstaan, maar voel dat iets van hom verwag word.

Vleiend

Glimlag die dokter.

Asof van sy groot pligte skielik bewus — met twee uitgestrekte vingers (verbasend waardig) — in 'n ligte gebaar van sy hand — sò — skets hy 'n korrekte kruis oor hulle wetenskaplike gesigte.

Boekbespreking

HOMERUS: DIE ILIAS, in Afrikaans vertaal deur J. P. J. van Rensburg. (Pro Ecclesia-drukkery).

Die verskyning van die eerste volledige vertaling van die Ilias in Afrikaans is 'n gebeure van groot en heuglike betekenis. Dat die pragtige uitgawe moontlik gemaak is deur die „welwillendheid en bystand van (die) Rembrandt-Tabakkorporasie,” is nog 'n bemoedigende teken. Mag dit 'n voorloper wees van dergelike weldade aan arbeiders wat al wanhopig geword het om 'n uitgewer te vind vir hul werk oor kulturele sake! Toepaslik is daar 'n weergawe van Rembrandt se voorstelling van die onbekende blinde digter — onbekend altans wat sy uiterlike betref.

In sy inleiding sê prof. Van Rensburg dat daktiele „in Afrikaans en in ander tale maklik te vind” is. Die proewe wat ek gemaak het toon dat daktiele in Afrikaans natuurliker is as in Engels, Nederlands, of Duits en ek het voorbeelde daarvan gegee. Afrikaans is ook nader aan die antieke vers omdat dit minder geneig is tot 'n opeenhoping van medeklinkers. „Buitendien,” gaan prof. Van Rensburg voort, „praat ons in die moderne tale van beklemtoonde of onbeklemtoonde lettergrepe, terwyl dit in die ou tale om lang en kort lettergrepe gaan.” Hierdie bewering is m.i. foutief. In Latyn het ons seer seker die *ictus* of versaksent, wat ook al die aard daarvan mag wees; en ook in Grieks glo ek (met Norwood) dat daar 'n versaksent was, indien nie ekspiratories nie, dan musikaal (d.w.s.

hoog of laag) waarsonder dit nie moontlik is om die vers hardop te lees nie. Hierdie versaksent kan wel, saam met die nog meer belangrike hoofcaesuur in moderne verse nageboots word om iets van die oorspronklike ritme weer te gee. Selfs die lettergreep-lengte kan ons by benadering aandui. En ek glo dat die vertaler veels te afbrekend is waar hy sê dat die pogings om die daktiliese heksameter in moderne tale na te boots meestal volslae mislukkings is. My ondervinding is dat die mense nie weet hoe om hulle te lees nie en ek meen dat Cotterill en Caulfield baie geslaagde nabootsings van die daktiliese heksameters gegee het. Ek meen ook dat so 'n navolging (deur 'n bekende digter soos Alfred Noyes bepleit) die leser nader bring aan die begrip van die oorspronklike as 'n prosavertaling. Is die daktiliese heksameters van D. F. Malherbe (bv. in *Bosrand*) dan ook „volslae mislukkings”?

Nogtans kan 'n prosavertaling ons 'n groot diens bewys en prof. Van Rensburg het iets van die waardigheid en byna alles van die inhoud vir ons bewaar. Hy het veel moeite gedoen om noukeurig te wees en om die grondbetekenis van die oorspronklike te ontdek. Ons moet hom dankbaar wees vir die lang arbeid wat hy aan die werk gewy het; en ek hoop nie ek sal as ondankbaar gereken word nie as ek op kleinere puntjies wys waar ek 'n ander mening toegedaan is.

Die heel eerste woord: „Sing van die wrok . . .” lyk my ondoeltreffend. Die tema van die Ilias is die toorn, die woede van die

hartstogtelike Achilles en die gevolge en oplossing van daardie woede. Dit is veel meer as 'n „wrok.” In die derde reël, „sterk siele van helde voor Hades geslinger.” Die oorspronklike *pro*-beteken „vooruit, op hul pad na (die huis van) Hades.” Net daar- onder: „en die plan van Zeus is voleindig.” Die Grieks het die imperfectum, wat in Afrikaans ontbreek, maar „word voleindig” sou 'n beter weergawe wees.

Die titel praat van Homerus en dit laat jou dink dat die ander name ook die Latynse spelling sal volg, waarvoor iets te sê is, omdat hulle deur die Latynse tradisie tot ons gekom het. Maar die vertaler gebruik konsekwent die Griekse vorme — Phoibos, Pulos (ofskoon Olimpus) Poludoros ens. Dit staan hom natuurlik vry om dit te doen, maar dan sou ons Homeros Olumpos, Athene (i.p.v. Athena) verwag het. Dog dit is altyd moeilik om absoluut konsekwent te wees met eiename.

Die vertaler gebruik die lelike vorm *Muses* terwyl die Akademie se spelreëls (1931) wat ek besit Muse as die vorm vir beide meervoud en enkelvoud aangee. (In 'n latere lys word albei vorme genoem — wat my spyt). Ons kan heel goed 'n meervoudsvorm *Muse* aanneem as die Afrikaanse vorm van die Gr. Mousai, net soos Thebe die vorm behoort te wees vir die oorspronklike en meervoudige Thebai, ten spyte van „Waar Thebes in die stil woestyn” (die *s* het, m.i. ontstaan as gevolg van die Engelse meervoud Thebes). Vergelyk *Athene* in Afrikaans vir die meervoudsvorm in Gr. *Athenai*.

Die woordjie *mos* vir die Gr. (ara) word somtyds reg en somtyds verkeerd gebruik. Reg is

dit bv. op bl. 3, „Dit is mos nie oor 'n gelofte dat Hy nou misnoeg is . . .” Verkeerd: (bl. 3), „Kyk, so het hy mos gepraat en toe gaan sit”. Reg (bl. 3), „ek stel haar mos bo my wettige vrou . . .” Verkeerd (bl. 6): „. . . hierdie sprekerstaf, waarop daar nooit blare . . . sal uitspruit as dit mos eers sy stomp in die berge verlaat het nie.” Reg (bl. 101): „want dit is mos vir julle dierbaar . . . om hierdie stad te verwoes.” Verkeerd (bl. 101): „Toe Athena . . . nou sien . . . het sy mos ylings afgedaal.” Vergelyk o.a. ook (bl. 103): „So het hy mos gepraat en sy mooi wapens aangetrek.” Oor die algemeen vind ek 'n alte me-ganiese gelykstelling van Gr. ara met Afr. mos.

Dan blink die mense vir my te veel. Die herhaaldelik voorkomende „blink Hektor” (*phaidimos*) is vir my verkeerd, want die beskrywing is vir my gevoel figuurlik — „roemryk.” Wel die blinkhelm-Hektor, waar die betekenis letterlik is. En tog sou ek liever „blinkoog-dogter” as „flikkeroogdogter” (bl. 3) wil sien ofskoon die Gr. letterlik „lewendig, beweeglik” beteken.

Afrikaans, soos Grieks, vorm maklik treffende samestellings en hier het die vertaler ons soms mooi voorbeelde gegee, soos hy sê met 'n doelbewuste argaisering: „witarm-Hera,” „silwervoet-The-tis,” „snelvoet-Achilles” en, minder aangenaam, „dubbelhandvat-selbeker.” Hera „boôpis” as „helderoog” (bv. bl. 52) is vir my onoortuigend. Ek glo nog aan die godin met groot, starende oë soos dié van 'n os, (die antieke kuns in Pompeii stel haar so voor), met 'n moontlike verwysing na 'n oeroue, voor-Homeriese dier-vorm, soos ook in die geval van Athene Glaukôpis. Maar ek is bly dat die

WITWATERSRANDSE UNIVERSITEITSPERS

Milner Park, Johannesburg.

KEURLYS VAN PUBLIKASIES

- BERG-SONNE, N.
Plane co-ordinate geometry and trigonometry. 1954. 3 l., 130 p.
1 l., 15s.
- BURCHELL, W. J.
The South African drawings of William J. Burchell. Volume 2:
Landscape sketches, ed. by Helen M. McKay; limited ed. 1952.
Half-leerband. f12 12s.
- COETZEE, A. J.
Standaard-Afrikaans: intreerede. 1948. 23 p. Papierband. 4s.
- DALTON, J. P.
Symbolic operators. 1954. xvi, 194 p. diagr. Linneband. f1 10s.
- DOKE, C. M. & VILAKAZI, M. W.
Zulu-English dictionary; 2ed. rev. with addendum. 1953. xxiv,
918 p. Linneband. f2 10s.
- FRIEDMANN, M. V.
Olive Schreiner: a study in latent meanings. 1954. vi, 68 p.
Papierband. 8s. 6d.
- GREIG, J. Y. T.
Structure and meaning: a text-book of English grammar for
schools in South Africa. 1950. 2 dele (154 p. & 100 p.) Papier-
band. 4s. 6d. & 4s.
- HERMAN, S. N.
The reaction of Jews to Anti-Semitism. 1945. ix, 123 p. Papier-
band. 7s. 6d.
- HOERNLE, R. F. A.
Race and reason. 1945. 182 p. Linneband. 8s. 6d.
South African Native policy and the liberal spirit; repr. 1945.
xiv, 190 p. Linneband. 8s. 6d.
- KIRBY, P. R.
Musical instruments of the Native races of South Africa (repr.)
1953. xix, 285 p. 73 pl. kaart. Linneband. f2 2s.
- MARAI, J. S.
The study of history; inaugural lecture. 1945. 16 p. Papierband. 1s.
- MARQUARD, L.
The Native in South Africa; 2ed. repr., rev. by Julius Lewin.
1948. viii, 105 p. Linneband. 6s.
- MAUD, J. P. R.
Die ontwikkeling van selfbeheer in Johannesburg: 'n opstel.
1937. xii, 100 p. Papier. 2s. 6d. Kartonband. 4s.
- NYEMBEZI, C. L. S.
Zulu proverbs. 1954. xii, 238 p. Linneband. 14s.
- PETRONIUS ARBITER
Dinner at Trimalchio's: an extract from the Satyricon; transl.
by G. J. Acheson. 1950. 72 p. Linneband. 5s. 6d.
- RICHARDS, C. S.
Iron and steel industry in South Africa. 1940. 850 p. illus. Linne-
band. 25s.
- SMITH, J. J.
Theories about the origin of Afrikaans. 1952. 23 p. (Hofmeyr
Foundation Lectures 1). Papierband. 5s.
- VAN DEN HEEVER, C. M.
Kromburg, a story of pride and passion; transl. from the
Afrikaans by J. Menzies-Wilson. 1954. 200 p. Linneband. 12s. 6d.
Alleenverkopers in Suid-Afrika: Sentrale Nuusagentskap.
- In die Pers:*
- MARTIENSSSEN, R.
The idea of space in Greek architecture. 1955. Omtrent 20s.
*'n Volledige lys van publikasies is op aanvraag by die Pers
verkrygbaar.*



„Elke Sigaret 'n Meesterstuk”

Rembrandt is 'n mengsel van ryk
beleë virginiese tabak; gewaarborg
100% suiwer, eerstegraadse blaar

Rembrandt

KURK, ONGEKURK OF FILTER
STANDAARD EN VAN RYN GROOTTES

„Die sigaret wat u altoos graag wou rook”

Konierev

RA136XYZ